

BELANGRIKE KENNISGEWING

Die *Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys* en die *University of North West* is bedoel om op 'n datum wat nog afgekondig moet word, in 2004 ingevolge artikel 23 van die *Wet op Hoër Onderwys*, Wet 101 van 1997, soos gewysig, saam te smelt om 'n enkele, nuwe universiteit te vorm. Die *Vista Universiteit (Sebokeng)* moet ook dan ooreenkomstig artikel 24 van die Wet by die nuwe universiteit ingelyf word.

Ingevolge artikel 23(2H)(i) van die Wet, gaan die nuwe universiteit wat deur die samesmelting sal ontstaan, voort met alle akademiese programme wat deur die ou universiteite aangebied is, kragtens die reëls wat onmiddellik voor die samesmelting vir die onderskeie ou universiteite gegeld het, tot tyd en wyl daardie programme en reëls deur die raad van die nuwe universiteit verander word.

Verder ken die nuwe universiteit wat uit die samesmelting sal ontstaan, ooreenkomstig artikel 23(2H)(ii) van die Wet in sy eie naam 'n graad, diploma of sertifikaat toe aan 'n student wat voor of na die samesmelting daarvoor kwalifiseer, maar sodanige graad, diploma of sertifikaat moet ook die naam weerspieel van die universiteit waar die student onmiddellik voor die samesmelting geregistreer was.

In die lig van die bogenoemde wetlike agtergrond, bevat hierdie jaarboek die toepaslike algemene en besondere akademiese reëls van die PU vir CHO vir die kwalifikasies hierin vervat, vir 2004.

IMPORTANT NOTICE

In 2004 the *Potchefstroom University for Christian Higher Education* and the *University of the North West* are supposed, in terms of section 23 of the *Higher Education Act*, Act 101 of 1997, as amended (the Act), on a date that is still to be announced, to merge in order to form a single new university. The *Vista University (Sebokeng)* must then also be incorporated into the new university in terms of section 24 of the Act.

In terms of Section 23(2H)(i) of the Act the new university that will be established by the merger will continue with all academic programmes offered by the old universities, in terms of the rules that applied immediately before the merger for the respective old universities, until such time as those programmes and rules are changed by the council of the new university.

Furthermore, the new university that will be established by the merger, in terms of Section 23(2H)(ii) of the Act, will in its own name confer a degree, diploma or certificate to a student qualifying for it before or after the merger, but such degree, diploma or certificate also has to reflect the name of university where the student had been registered immediately before the merger.

In the light of the above legal background, this calendar contains the relevant general and specific academic rules of the PU for CHE for 2004 in respect of the qualifications herein contained.

JAARBOEK 2004

FAKULTEIT VAALDRIEHOEK

NAGRAADS

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

Inhoudsopgawe

V.8	INLEIDENDE FAKULTEITSREËLS IN DIE FAKULTEIT VAALDRIEHOEK.....	4
V.8.1	GESAG VAN DIE A-REËLS.....	4
V.8.2	FAKULTEITSREËLS	4
V.8.3	SKOLE IN DIE FAKULTEIT	4
V.8.4	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS.....	5
V.8.5	MODULES EN KREDIETE.....	9
V.8.6	ERKENNING VAN VORIGE LEER.....	9
V.8.7	REGISTRASIE	10
V.8.8	ONDERWYSERSOPLEIDING.....	10
V.8.9	EKSAMINERING.....	10
V.8.9.1	HONNEURSSTUDIE	10
V.8.9.2	MAGISTERSTUDIE.....	11
V.8.9.3	DOKTORSTUDIE	12
V.9	REËLS VIR HONNEURS GRADE	14
V.9.1	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM	14
V.9.1.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	14
V.9.1.2	TOELATING	14
V.9.1.3	PROGRAM: GEESTESWETENSKAPPE (TALE)	14
V.9.1.3.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	14
V.9.1.3.2	KURRIKULUM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS (L600V).....	14
V.9.1.3.3	KURRIKULUM: ENGELS (L605V)	16
V.9.1.3.4	KURRIKULUM: SESOTHO (L632V)	17
V.9.1.3.5	KURRIKULUM: TAALPRAKTYK (L609V)	18
V.9.1.4	PROGRAM: GEESTESWETENSKAPPE (ALG.)	18
V.9.1.4.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	19
V.9.1.4.2	KURRIKULUM: GESKIEDENIS (L602V)	19
V.9.1.4.3	KURRIKULUM: TEOLOGIE / BYBELKUNDE (L608V).....	20
V.9.1.5	PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE.....	21
V.9.1.5.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	21
V.9.1.5.2	KURRIKULUM: HUWELIK- EN GESINSVOORLIGTING EN – BERAAD (L603V).....	21
V.9.1.5.3	KURRIKULUM: PSIGOLOGIE (L607V)	22
V.9.1.5.4	KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDIGE BERADING (L615V)	22

V.9.1.5.5	KURRIKULUM: MENSEHULPBRONBESTUUR (L616V).....	23
V.9.1.5.6	KURRIKULUM: ARBEIDSVREHOUDINGE (L617V).....	24
V.9.2	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM IN ONTWIKKELING EN BESTUUR	25
V.9.2.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	25
V.9.2.2	TOELATING	26
V.9.2.3	PROGRAM: ONTWIKKELING EN BESTUUR	26
V.9.2.3.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	26
V.9.2.3.2	KURRIKULUM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING (L640V).....	26
V.9.3	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII	27
V.9.3.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	27
V.9.3.2	TOELATING	27
V.9.3.3	PROGRAM: EKONOMIE	27
V.9.3.3.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	27
V.9.3.3.2	KURRIKULUM: EKONOMIE (E600V).....	28
V.9.3.3.3	KURRIKULUM: RISIKOBESTUUR (E602V)	28
V.9.3.4	PROGRAM: ONDERNEMINGSBESTUUR.....	29
V.9.3.4.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	30
V.9.3.4.2	KURRIKULUM: ONDERNEMINGSBESTUUR (E613V)	30
V.9.3.5	PROGRAM: REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE	31
V.9.3.5.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	31
V.9.3.5.2	KURRIKULUM: GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP (E630V).....	31
V.9.3.6	PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE.....	32
V.9.3.6.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	32
V.9.3.6.2	KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDIGE BERADING (E625V).....	32
V.9.3.6.3	KURRIKULUM: MENSEHULPBRONBESTUUR (E626V)	33
V.9.3.6.4	KURRIKULUM: ARBEIDSVREHOUDINGE (E627V)	34
V.9.4	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAURES SCIENTIAE	35
V.9.4.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	36
V.9.4.2	TOELATING	36
V.9.4.3	PROGRAM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE.....	36
V.9.4.3.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	36
V.9.4.3.2	KURRIKULUM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE (N637V).....	36
V.9.5	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS EDUCATIONIS.....	37
V.9.5.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	37
V.9.5.2	TOELATING	37

V.9.5.3	ARTIKULASIE EN UITTREPUNT.....	38
V.9.5.4	PROGRAM: ONDERRIG EN LEER.....	38
V.9.5.4.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	38
V.9.5.4.2	KURRIKULUM: ONDERRIG EN LEER (O601V).....	38
V.9.5.5	PROGRAM: ONDERWYSBESTUUR, -REG EN -STELSELS.....	39
V.9.5.5.1	KURRIKULUM: ONDERWYSBESTUUR, -REG EN -STELSELS (O608V).....	39
V.9.5.6	PROGRAM: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE, LEERDERONDERSTEUNING EN SKOOLVOORLIGTING.....	40
V.9.5.6.1	KURRIKULUM: LEERDERONDERSTEUNING EN SKOOLVOORLIGTING (O610V).....	40
V.10	REËLS VIR NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKATE.....	42
V.10.1	REËLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (NGOS).....	42
V.10.1.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	42
V.10.1.2	TOELATING.....	42
V.10.1.3	PROGRAM: OPVOEDKUNDE.....	42
V.10.1.3.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	42
V.10.1.3.2	KURRIKULUM: SENIOR EN VERDERE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSFASE (O641V).....	43
V.10.1.3.3	KURRIKULUM: VOORLIGTING (O642V).....	44
V.10.1.3.4	KURRIKULUM: INTERMEDIËRE-, EN SENIORSFASE (O643V).....	46
V.11	REËLS VIR MAGISTER GRADE.....	48
V.11.1	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (MA).....	48
V.11.1.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	48
V.11.1.2	TOELATING.....	48
V.11.1.3	PROGRAMME EN KURRIKULUMS.....	48
V.11.1.4	FOKUSAREA 4.1: TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS (PROGRAM: TAAL EN TAALPRAKTYK).....	48
V.11.1.4.2	KURRIKULUM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS (L800V).....	49
V.11.1.4.3	KURRIKULUM: ENGELS (L807V).....	49
V.11.1.4.4	KURRIKULUM: SESOTHO (L832V - gedoseer; en L833V - verhandeling).....	49
V.11.1.5	FOKUSAREA 7.2: REFORMATORIESE TEOLOGIE EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING (PROGRAM: GEESTES-WETENSKAPPE).....	50
V.11.1.5.2	KURRIKULUM: BYBELKUNDE/ TEOLOGIE (Gedoseer).....	50
V.11.1.5.3	KURRIKULUM: BYBELKUNDE/ TEOLOGIE (Verhandeling).....	50
V.11.1.6	FOKUSAREA 7.1: VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING (PROGRAM: GEESTESWETENSKAPPE).....	51

V.11.1.6.2	KURRIKULUM: GESKIEDENIS (L802V – gedoseer en L809V – verhandeling).....	51
V.11.1.7	FOKUSAREA 9.1: VOORKOMENDE EN TERAPEUTIESE INTERVENSIES (PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE)	52
V.11.1.7.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	52
V.11.1.7.2	KURRIKULUM: PSIGOLOGIE (L804V)	52
V.11.1.7.3	KURRIKULUMS: SOSIOLOGIE (L803V – Spesialisering in huweliks- en gesinsvoorigting en –beraad; L805V – verhandeling).....	52
V.11.1.8	FOKUSAREA 3.1: BESLUITNEMING EN BESTUUR VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING (PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE)	53
V.11.1.8.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	53
V.11.1.8.2	KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDE (E807V – verhandeling; E808V – skripsie).....	53
V.11.1.8.3	KURRIKULUM: BEDRYFSOSIOLOGIE (ARBEIDSVERHOUDINGE) (E806V).....	54
V.11.2	REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN ONTWIKKELING EN BESTUUR	54
V.11.2.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	54
V.11.2.2	TOELATING	54
V.11.2.3	PROGRAMME EN KURRIKULUMS	54
V.11.2.4	FOKUSAREA 7.3: VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING	54
V.11.2.4.1	PROGRAM EN KURRIKULUM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING (L865V).....	54
V.11.3	REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII (M.COM.)	55
V.11.3.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	55
V.11.3.2	TOELATING	55
V.11.3.3	PROGRAMME EN KURRIKULUMS	56
V.11.3.4	FOKUSAREA 10.1: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA	56
V.11.3.4.1	PROGRAM EN KURRIKULUM: EKONOMIE (E800V).....	56
V.11.3.4.2	PROGRAM EN KURRIKULUM: ONDERNEMINGSBESTUUR (E811V).....	57
V.11.3.4.3	PROGRAM: REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE.....	57
V.11.3.4.3.1	KURRIKULUMS: BEDRYFS- EN BESTUURSREKENINGKUNDE (E830V en E831V).....	58
V.11.3.4.3.2	KURRIKULUM: REKENINGKUNDE (E832V)	58
V.11.3.4.3.3	KURRIKULUM: BELASTING (E834V – verhandeling; E835V – gedoseer deelyds: Johannesburg).....	58
V.11.3.5	FOKUSAREA 3.1: BESLUITNEMING EN BESTUUR VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING	59
V.11.3.5.1	PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE.....	59
V.11.3.5.1.2	KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDE (E820V en E821V)	59

V.11.3.5.1.3	KURRIKULUM: BEDRYFSOSIOLOGIE (ARBEIDSVERHOUDINGE) (E822V).....	60
V.11.4	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE.....	60
V.11.4.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	60
V.11.4.2	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	60
V.11.4.3	FOKUSAREA 10.1: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA	61
V.11.4.3.1	KURRIKULUM IN DIE NAVORSINGSEENHEID VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA (N837V).....	61
V.11.5	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS (M.ED.).....	62
V.11.5.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	62
V.11.5.2	SPESIALE TOELATINGSVEREISTES.....	62
V.11.5.3	FOKUSAREA 5.1: ONDERRIGLEER-ORGANISASIE	62
V.12	REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD).....	63
V.12.1	REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)	63
V.12.1.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR.....	63
V.12.1.2	TOELATING.....	63
V.12.1.3	FOKUSAREA 4.1: TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS.....	63
V.12.1.4	FOKUSAREA 7.1: VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING	63
V.12.1.5	FOKUSAREA 7.2: REFORMATORIESE TEOLOGIE EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING	63
V.12.1.6	FOKUSAREA 9.1: VOORKOMENDE EN TERAPEUTIESE INTERVENSIES	64
V.12.1.7	FOKUSAREA 10.1: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA	64
V.12.1.8	FOKUSAREA 3.1: BESLUITNEMING EN BESTUUR VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING	64
V.12.1.9	FOKUSAREA 10.1 BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA	64
V.12.1.10	FOKUSAREA 5.1: ONDERRIGLEER-ORGANISASIE	65

VAALDRIEHOEKKAMPUS

AMPSDRAERS EN PERSONEEL

VISEREKTOR EN HOOF VAN DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS

Prof PJJ Prinsloo, D.Litt. (PUCHO), T.H.O.D. (POK)

FAKULTEIT VAALDRIEHOEK

DEKAAN

Prof AMC Theron, BA, UOD, M.Ed. (UOVS), D.Ed. (UNISA)

AKADEMIESE PERSONEEL

SKOOL VIR BASIESE WETENSKAPPE

DIREKTEUR

Prof JWN Tempelhoff, M.A. (UP), D.Litt. et Phil. (UNISA)

Teologie

Medeprofessor: Prof TC Rabali, Th.M. (PUCHO), D.Th. (UNISA) (Vakvoorsitter)

Senior lektor: Dr HJM van Deventer, M.A., Th.D. (PUCHO)

Filosofie

Senior lektor: Mnr MF van der Walt, M.A., Th.B. (PUCHO)

Lektor: Mnr WJA Luyt, M.A. (PUCHO), B.D. (UP), NDF (PUCHO) (Vakvoorsitter)

Geskiedenis

Professor: Prof P de Klerk, D.Litt., D.Ed. (PUCHO) (Vakvoorsitter)

Medeprofessor: Prof JWN Tempelhoff, M.A. (UP), D.Litt. et Phil. (UNISA)

Senior lektor: Dr PL Möller, M.A. (US), Ph.D. (PUCHO)

Openbare Bestuur en Administrasie

Senior lektor: Dr EP Ababio, Hons.B.A. (GHANA), D.Litt. et Phil. (UNISA) (Vakvoorsitter)

Lektor: Me CM Gouws, M.A. (PUCHO)

SKOOL VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE

DIREKTEUR

Prof P Lucouw, M.Com. (PUCHO), D.Com. (UP), GR (SA)

Bedryf- en Bestuursrekeningkunde

Medeprofessor: Vakant

Senior lektor: Dr M Oberholzer, Ph.D. (PUCHO)

Belasting

Senior lektor: Mev M Delport, B.Com. (UOVS), GR (SA), Gevorderde Belasting Sertifikaat (UNISA), M.Com. (Belasting) (RAU)

Ekonomie

Medeprofessor: Prof G van der Westhuizen, Hons.B.Com., U.O.D. (UOVS), D.Com. (PUCHO)

Lektor: Mnr WCJ Grobler, Hons.B.Com. (PUCHO)

Lektor: Mnr LC van Vuren, Hons.B.Com. (PUCHO)

Buitengewone medeprofessor: Prof DA Lawrence, Ph.D. (University of British Columbia)

Handelsreg

Senior lektor: Mev ME Steyn, B.Juris. (UOVS), Hons.B.Compt., LL.M. (UNISA)

Ondernemingsbestuur

Senior lektor: Dr TG Pelsler, Ph.D. (PUCHO)

Senior Lektor: Dr PJ van Schalkwyk, Ph.D. (Vista)

Ouditkunde

Senior lektor: Mnr PJ Janse van Rensburg, M.Com. (UP), GR (SA)
Senior lektor: Mnr MB Marais, Hons.B.Com. (UNISA), GR (SA)

Rekeningkunde

Professor: Prof P Lucouw, M.Com. (PUCHO), D.Com. (UP), GR (SA) (Vakvoorsitter)
Senior lektor: Mev HH Janse van Vuuren, Hons.B.Com. (PUCHO), GR (SA)
Senior lektor: Vakant

SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE**DIREKTEUR**

Prof C de W van Wyk, D.Com. (PUCHO)

Bedryfsielkunde

Medeprofessor: Prof F van Graan, Hons.B.A., D.Com. (PUCHO), MPE (PITT)
Senior lektor: Dr JH Buitendach, Ph.D. (RAU)
Lektor: Mnr JLP Naudé, M.A. (PUCHO)
Buitengewone medeprofessor: Prof JJL Coetzee, B.A. (UNISA), Hons.B.Admin. (UOVS), M.Com. (PUCHO)

Bedryfsosiologie

Medeprofessor: Prof C de W van Wyk, D.Com. (PUCHO)
Senior lektor: Dr L Moolman, Ph.D. (PUCHO)
Lektor: Mev E Keyser, M.Com., HOD (PUCHO)

Psigologie

Senior lektor: Dr C van Eeden, Ph.D. (PUCHO)
Senior lektor: Mnr JP du Preez, M.Sc. (Klin Psig) (PUCHO)
Senior lektor: Me H Williams, M.A. (Klin Psig) (PUCHO)

Sosiologie

Medeprofessor: Vakant
Lektor: Mnr PJM van Niekerk, M.A. (UP), D.Univ. (*Honoris Causa*) (COU-UK)

SKOOL VIR MODELLERINGSWETENSKAPPE**DIREKTEUR**

Prof DB Jordaan, D.Sc. (PUCHO)

Inligtingstegnologie

Professor: Prof DB Jordaan, D.Sc. (PUCHO)
Senior lektor: Dr PD Pretorius, Ph.D. (PUCHO)
Senior lektor: Dr G Swanepoel, D.Sc. (PUCHO)
Lektor: Me LC Bosman, M.Sc. (PUCHO)
Lektor: Mnr JP Jooste, M.A. (PUCHO)
Lektor: Me D Gerber, M.Sc. (PUCHO)
Lektor: Me S Gilliland, M.Sc. (PUCHO)
Junior lektor: Me MJ Zeeman, Hons.B.Sc. (PUCHO)
Laboratorium-assistant: Vakant

SKOOL VIR OPVOEDKUNDIGE WETENSKAPPE**DIREKTEUR**

Prof LM Vermeulen, Hons.B.A., B.Ed. (UP), T.H.O.D. (NKP), D.Ed. (UNISA)

Opvoedkunde

Medeprofessor: Prof LM Vermeulen, Hons.B.A., B.Ed. (UP), T.H.O.D. (NKP), D.Ed. (UNISA)
Senior lektor: Dr E de Waal, Hons.B.A. (RAU), H.O.D., M.Ed., Ph.D. (PUCHO)
Senior lektor: Dr EAS de Waal, Hons.B.A., HOD, Ph.D. (PUCHO), M.Ed. (UWK)
Senior lektor: Dr E Strydom, B.A., HOD, Ph.D. (PUCHO)

Senior lektor: Dr NJL Mazibuko, B.PAED., B.Ed., STD (UNIZULU), M.Ed. (PUCHO), Ph.D. (UOVS)

Senior lektor: Dr LC Theron, B.A., HED (WITS), M.Ed., D.Ed. (UNISA)

Senior lektor: Dr. MI Xaba, PTC, B.A. (UNISA), Ph.D. (PUCHO)

Senior lektor: Dr. JE Fourie, B.A.Ed.Mus. (UP), Ph.D. (PUCHO)

SKOOL VIR TALE

DIREKTEUR

Prof MM Verhoef, Ph.D., HOD, HDB (PUCHO)

Afrikaans en Nederlands

Professor: Prof MM Verhoef, Ph.D., HOD, HDB (PUCHO) (Vakvoorsitter)

Senior lektor: Dr M Esterhuizen, T.H.O.D. (POK), Ph.D. (VISTA)

Senior Lektor: Dr A Nel, Ph.D. (UP) (Termynaanstelling)

Afrikatale

Medeprofessor: Prof TJ Selepe, D.Litt. et Phil. (UNISA), PTC (BONAMELO) (Vakvoorsitter)

Lektor: Mnr. J. Seema, M.A. (VISTA)

Engels

Senior lektor: Dr JL Kruger, M.A., HOD, Ph.D (PUCHO) (Vakvoorsitter)

Lektor: Me. YV Schäfer, M.A. (PUCHO)

Taalpraktyk

Professor: Prof MM Verhoef, Ph.D., HED, HDB (PUCHO)

Senior lektor: Dr JL Kruger, M.A., HED, Ph.D. (PUCHO) (Vakvoorsitter)

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

VISEREKTOR

Prof PJJ Prinsloo, D.Litt. (PUCHO), T.H.O.D. (POK)

HOOFDIREKTEUR: ONDERSTEUNING

Mnr FA Visser, M.Sc., B.Ed., T.H.O.D. (PUCHO)

DIREKTEUR: ADMINISTRASIE EN BEDRYF

Mnr CW Vermeulen, Hons. B.A. (PUCHO), T.H.O.D. (GOK)

Hoof: Finansies

Mnr DP Venter

Hoof: Tegniese Dienste

Mnr CF Ehlers, NDI (Bedryfsingeneurswese) (Vaaldriehoek Technikon)

DIREKTEUR: LEERDERESAKE EN KORPORATIEWE SKAKELING

Mnr HA Stavast, M.Sc. (PUCHO)

Hoof: Leerderwerwing: Departement Bemaking en Openbare Betrekkinge

Vakant

Sportbestuur

Vakant

Bestuurder: ITB (Inligtingstechnologie en Bestuurstelsels)

Mev A Oosthuyzen, M.Sc. (PUCHO), UOD (UNISA)

Ferdinand Postma Biblioteek

Mev SF Geldenhuys, L.D.Bib. (UP), B.A.Bib (UOVS)

V.8 INLEIDENDE FAKULTEITSREËLS IN DIE FAKULTEIT VAALDRIEHOEK

V.8.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die Fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad <http://www.puk.ac.za> onder "Algemeen"/"Algemene Jaarboek"/"Reëls", en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma-biblioteek en by die Direkteur: Administrasie en Bedryf geraadpleeg word.

V.8.2 FAKULTEITSREËLS

Die Fakulteitsreëls ten opsigte van die verskillende kurrikulums wat in hierdie Fakulteit aangebied word, na gelang van die taal waarin 'n spesifieke kurrikulum aangebied word, word hierin in daardie taal weergegee. Waar 'n kurrikulum in beide Afrikaans en Engels aangebied word, word die reëls ook in albei tale weergegee. In die Fakulteit Vaaldriehoek word die Fakulteitsreëls in Engels in 'n afsonderlike bundel gepubliseer.

V.8.3 SKOLE IN DIE FAKULTEIT

Die Fakulteit Vaaldriehoek bestaan uit ses skole waarvan sommige saamgestel is uit 'n aantal vakgroepe. Aan die hoof van elke skool staan 'n direkteur. Die skole is veral verantwoordelik vir die onderrig van voorgraadse en nagraadse kurrikulums. Die onderskeie skole en vakgroepe is die volgende:

Skool	Vakgroepe
Skool vir Basiese Wetenskappe	Filosofie Geskiedenis Openbare Bestuur en Administrasie Politieke Studies Teologie
Skool vir Ekonomiese Wetenskappe	Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde Belasting Ekonomie Handelsreg Ondernemingsbestuur Ouditkunde Rekeningkunde
Skool vir Gedragwetenskappe	Arbeidsreg Bedryfsielkunde Bedryfsosiologie Psigologie Sosiologie
Skool vir Modelleringswetenskappe	Inligtingstechnologie

Skool	Vakgroepe
Skool vir Tale	Afrikaans en Nederlands Afrikatale Engels Taalpraktyk
Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe	

In die Fakulteit word navorsing en verbandhoudende nagraadse opleiding gekoördineer ingeskakel by die bestaande navorsingfokusareas van die Universiteit.

V.8.4 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

- In die Fakulteit Vaaldriehoek kan verskillende nagraadse kwalifikasies verwerf word. 'n Kwalifikasie, byvoorbeeld "Hons B.A.", word in een of meer programme aangebied, byvoorbeeld "Geesteswetenskappe", en in elke program is een of meer kurrikulum(s), byvoorbeeld "Geskiedenis" wat in 'n bepaalde formaat gestruktureer word. Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums op **nagraadse** vlak word in hierdie jaarboek uiteengesit. Waar van toepassing word verwys na toepaslike fokusareas waarbinne nagraadse opleiding en navorsing plaasvind.
- 'n Voornemende leerder moet eers besluit watter kwalifikasie sy/hy wil verwerf, waarna die betrokke program en kurrikulum gekies word. Die leerder wat voldoen aan die betrokke toelatingsvereistes registreer dan vir 'n bepaalde kurrikulum by die aanvang van sy/haar studie. Elke kurrikulum het 'n kurrikulumkode wat uit 5 karakters bestaan, byvoorbeeld L621V. Indien 'n leerder na die aanvang van sy/haar studie die kurrikulumkeuse wil wysig, word sodanige versoek via die Direkteur: Administrasie en Bedryf aan die betrokke skooldirekteur gerig. Slegs met skriftelike toestemming van die skooldirekteur kan leerders die kurrikulumkeuse wysig.
- Die formate van die kurrikulums in die programme hieronder uiteengesit, word saamgestel uit modules met 'n totale kredietwaarde van **minstens** 128 vir 'n nagraadse kwalifikasie waarvan die minimum duur een jaar is. In die geval van nagraadse kwalifikasies met 'n langer minimum duur kan die kredietwaardes dienooreenkomstig verskil.
- Die Universiteit is bevoeg om die volgende nagraadse kwalifikasies in die Fakulteit Vaaldriehoek toe te ken:

Kwalifikasies, Afkortings en Kwalifikasiekodes	Programme en kurrikulums	Kurrikulum -kodes
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons. B.A.) 102109 (V), 102110 (D)	Program: Geesteswetenskappe (Tale)	
	Afrikaans-Nederlands	L600V
	Engels	L605V
	Sesotho	L632V
	Taalpraktyk: Afrikaans / Engels / Sotho	L609V

Kwalifikasies, Afkortings en Kwalifikasiekodes	Programme en kurrikulums	Kurrikulum-kodes
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons. B.A.) 102109 (V), 102110 (D)	Program: Geesteswetenskappe (Alg.)	
	Geskiedenis	L602V
	Teologie/Bybelkunde	L608V
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons. B.A.) 102109 (V), 102110 (D)	Program: Gedragwetenskappe	
	Sosiologie (spesialisering in Huwelik- en Gesinsvoorligting en -beraad)	L603V
	Psigologie	L607V
102106 (V), 102111 (D)	Bedryfsielkundige Berading	L615V
	Mensehulpbronbestuur	L616V
	Arbeidsverhoudinge	L617V
Honneurs Baccalaureus Artium in Ontwikkeling en Bestuur (Hons. B.A.) 194100 (V), 194101 (D)	Program: Ontwikkeling en Bestuur	
	Openbare Bestuur en Regering	L640V
Magister Artium (M.A.) 103116(V), 103117 (D)	Program: Taal en Taalpraktyk	
	Afrikaans/Nederlands	L800V
	Engels	L807V
	Sesotho (gedoseer)	L832V
	Sesotho (verhandeling)	L833V
Magister Artium (M.A.) 103116(V), 103117 (D)	Program: Geesteswetenskappe	
	Geskiedenis (gedoseer)	L802V
	Geskiedenis (verhandeling)	L809V
	Bybelkunde / Teologie (gedoseer) (vgl. samestelling van kurrikulums)	L801V, L810V-L812V
	Bybelkunde / Teologie (verhandeling) (vgl. samestelling van kurrikulums)	L813V-L818V
Magister Artium (M.A.) 103116 (V), 103117 (D)	Program: Gedragwetenskappe	
	Sosiologie (verhandeling)	L805V
	Psigologie	L804V
	Sosiologie (spesialisering in Huwelik- en Gesinsvoorligting en -beraad)	L803V
103110 (V), 103111 (D)	Bedryfsielkunde (verhandeling)	E807V
	Bedryfsielkunde (skripsie)	E808V
	Bedryfsosiologie	E806V
Magister Artium in Ontwikkeling en Bestuur (M.A.) 195100 (V), 195101 (D)	Program: Ontwikkeling en Bestuur	
	Openbare Bestuur en Regering	L865V

Kwalifikasies, Afkortings en Kwalifikasiekodes	Programme en kurrikulums	Kurrikulum -kodes
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 104108 (V), 104109 (D)	Program: Geesteswetenskappe	
	Geskiedenis	L902V
	Teologie / Bybelkunde	L906V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 104108 (V), 104109 (D)	Program: Taal en Taalpraktyk	
	Afrikaans en Nederlands	L900V
	Engels	L908V
	Sesotho	L932V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 104108 (D), 104109 (D)	Program: Gedragwetenskappe	
	Sosiologie (Huwelik- en Gesinsvoorigting en –beraad)	L901V
	Psigologie	L904V
	Sosiologie	L905V
506102 (V), 506103 (D)	Bedryfsielkunde	L907V
	Bedryfsosiologie	L906V
Honneurs Baccalaureus Scientiae (Hons. B.Sc.) 202108 (V), 202109 (D)	Program: Inligtingstechnologie	
	Inligtingstechnologie	N637V
Magister Scientiae (M.Sc.) 203109 (V), 203110 (D)	Program: Inligtingstechnologie	
	Inligtingstechnologie	N837V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 204102 (V), 204103 (D)	Program: Inligtingstechnologie	
	Inligtingstechnologie	N937V
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. B.Com.) 504102 (V), 504103 (D)	Program: Ekonomie	
	Ekonomie	E600V
	Risikobestuur	E602V
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. B.Com.) 504102 (V), 504103 (D)	Program: Ondernemingsbestuur	
	Ondernemingsbestuur	E613V
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. B.Com.) 504102 (V), 504103 (D)	Program: Rekeningkundige Wetenskappe	
	Geoktrooieerde Rekenmeesterskap	E630V
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. B.Com.) 504102 (V), 504103 (D)	Program: Gedragwetenskappe	
	Bedryfsielkundige Berading	E625V
	Mensehulpbronbestuur	E626V
	Arbeidsverhoudinge	E627V

Kwalifikasies, Afkortings en Kwalifikasiekodes	Programme en kurrikulums	Kurrikulum -kodes
Magister Commercii (M.Com.) 505107 (D)	Program: Belasting	
	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting (verhandeling)	E834V
	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting (gedoseer)	E835V
Magister Commercii (M.Com.) 505106 (V), 505107 (D)	Program: Ekonomie	
	Ekonomie	E800V
Magister Commercii (M.Com.) 505106 (V), 505107 (D)	Program: Ondernemingsbestuur	
	Ondernemingsbestuur	E811V
Magister Commercii (M.Com.) 505106 (V), 505107 (D)	Program: Rekeningkundige Wetenskappe	
	Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (gedoseer)	E830V
	Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde (verhandeling)	E831V
	Rekeningkunde	E832V
Magister Commercii (M.Com.) 505106 (V), 505107 (D)	Program: Gedragwetenskaplike studies	
	Bedryfsielkunde (verhandeling)	E820V
	Bedryfsielkunde (skripsie)	E821V
	Bedryfsosiologie	E822V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 506103 (D)	Program: Belasting	
	Belasting	E934V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 506102 (V), 506103 (D)	Program: Ekonomie	
	Ekonomie	E900V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 506102 (V), 506103 (D)	Program: Ondernemingsbestuur	
	Ondernemingsbestuur	E911V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 506102 (V), 506103 (D)	Program: Rekeningkundige Wetenskappe	
	Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde	E931V
	Rekeningkunde	E933V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 506102 (V), 506103 (D)	Program: Gedragwetenskaplike Studies	
	Bedryfsielkunde	E920V
	Bedryfsosiologie	E922V
Nagraadse Onderwys-sertifikaat (NGOS)	Program: Opvoedkunde	
424107 (V), 424108 (D)	Senior- en verdere onderwys- en opleidingsfase	O641V
424102 (V), 424103 (D)	Voorligting	O642V
424105 (V), 424106 (D)	Intermediêre- en Seniorfase	O643V

Kwalifikasies, Afkortings en Kwalifikasiekodes	Programme en kurrikulums	Kurrikulum-kodes
Honneurs Baccalaureus Educationis (Hons. B.Ed.) 464100 (V), 464101 (D)	Program: Onderrig en Leer	
	Onderrig en Leer	O601V
Honneurs Baccalaureus Educationis (Hons. B.Ed.) 464100 (V), 464101 (D)	Program: Onderwysbestuur-, reg en -stelsels	
	Onderwysbestuur-, reg en -stelsels	O608V
Honneurs Baccalaureus Educationis (Hons. B.Ed.) 464100 (V), 464101 (D)	Program: Opvoedkundige Sielkunde, Leerderondersteuning en Skoolvoorgligting	
	Leerderondersteuning en Skoolvoorgligting	O610V
Magister Educationis (M.Ed.) 403102 (V), 403103 (D)	Program: Opvoedkunde	
	Onderrig en Leer	O801V
	Onderwysbestuur, -reg en -stelsels	O808V
	Opvoedkundige Sielkunde	O809V
Philosophiae Doctor (Ph.D.) 404102 (V), 404103 (D)	Program: Opvoedkunde	
	Onderrig en Leer	O901V
	Onderwysbestuur, -reg en -stelsels	O908V
	Opvoedkundige Sielkunde	O909V

V.8.5

MODULES EN KREDIETE

- 'n Nagraadse kwalifikasie word verwerf nadat die betrokke module(s) binne 'n gekose kurrikulum afsonderlik geslaag is. Die modules het elkeen 'n kredietwaarde van 8 of veelvoude van 8.
- Elke module het 'n modulekode en 'n beskrywende naam. Die modulekode bestaan uit 'n vierletter-vakafkorting, gevolg deur 3 syfers, byvoorbeeld: BYBL671. Die eerste twee syfers na die vakafkorting dui onderskeidelik die (jaar)vlak en semester(s) van aanbidding aan. Die derde syfer onderskei tussen modules waarvan die eerste ses karakters dieselfde is.

V.8.6

ERKENNING VAN VORIGE LEER

- Die PU vir CHO aanvaar die beginsels onderliggend aan uitkomstgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulering en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigkurrikulums by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.
- By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigkurrikulums te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye is die vraag watter vlak van vaardigheid beoordeel in die konteks van die uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of

modules daarinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, nodig is. Dit gaan dus nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek demonstreeer, met inagneming van die uittree-uitkomst wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

- c) Die PU vir CHO aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande leerders – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.
- d) Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

V.8.7 REGISTRASIE

- a) Registrasie vir nagraadse kwalifikasies geskied ingevolge die volgende algemene regulasies: A.10.1 met betrekking tot honneursgrade, A.11.1 met betrekking tot magistergrade; A.12.1 met betrekking tot doktorsgrade en A.13.1 met betrekking tot diplomas.
- b) Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n leerder deurloop het om as leerder van die Universiteit ingeskryf te word.
- c) 'n Toegelate leerder registreer jaarliks vir die duur van die studie vir 'n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring word.
- d) Die registrasievorm word deur die leerder by die registrasieafdeling ingedien, waarop 'n bewys van registrasie uitgereik word.

V.8.8 ONDERWYSERSOPLEIDING

- a) Kurrikulums wat aan die vereiste aantal krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke voldoen, verleen toelating tot die eenjarige Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS). Dit is 'n akademiese professionele sertifikaat wat op die opleiding van onderwysers vir die intermediêre, en/of senior en verdere onderwys-en opleidingsfase gerig is.

V.8.9 EKSAMINERING

Die algemene reëls ten opsigte van eksaminering is vervat in regulasie A.8.

V.8.9.1 HONNEURSSTUDIE

V.8.9.1.1 Deelnamepunt

'n Deelnamepunt word opgebou uit werkstukke en ander vorme van evaluering, soos in die betrokke studiegids uiteengesit.

V.8.9.1.2 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.

- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n leerder tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor soos in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

V.8.9.1.3 Modulepunt

Die modulepunt word bereken as 'n verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos in die studiegids aangedui is (vgl. A.8.8).

V.8.9.1.4 Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum

- a) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is, afsonderlik soos aangedui in reël A.8.7, te slaag.
- b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40% (A.8.9).
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen(s) geskryf is, is 50%.
- d) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is.
- e) 'n Leerder wat in die kernmodules van 'n kurrikulum 'n modulepunt van minstens 75% behaal, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

V.8.9.1.5 Herhaling van modules

'n Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van algemene reël A.10.3.

V.8.9.2 MAGISTERSTUDIE

V.8.9.2.1 Benoeming van eksaminatore

- a) Vir elke vraestel van 'n module wat op magistervlak binne 'n skool aangebied word, benoem die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur minstens een interne eksaminator en een moderator wat intern of ekstern kan wees.
- b) Vir die eksaminering van 'n skripsie/verhandeling word vir elke leerder minstens twee eksaminatore, waarvan minstens een ekstern moet wees, deur die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur benoem. Vir elke studieleier wat ook as eksaminator betrokke is, word 'n addisionele eksaminator benoem.

V.8.9.2.2 Toelating tot die eksamen

Toelating tot enige eksamen word net toegestaan aan 'n leerder wat tot bevrediging van die skooldirekteur bewys gelever het dat daar aan die vereistes van die betrokke kurrikulum en/of module voldoen is.

V.8.9.2.3 Eksamen

Die eksamen vir die magistergraad bestaan uit:

- a) slegs 'n verhandeling, óf
- b) een of meer vraestelle en 'n skripsie in die betrokke gebied.

- V.8.9.2.4** In die geval waar vraestelle deel vorm van die kurrikulum moet die vraestelle gedurende die eerste studiejaar afgehandel word.
- V.8.9.2.5 Vereistes ten opsigte van die skripsie/verhandeling**
Benewens die volgende vereistes waaraan voldoen moet word, mag 'n skripsie of verhandeling alleen ingedien word met toestemming van die studieleier:
- a) 'n Verhandeling/skripsie moet bewys lewer dat die leerder met die metode van navorsing vertrouwd is.
 - b) 'n Verhandeling/skripsie moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die vereistes wat die Fakulteitsraad daarvoor stel (vgl. *Handleiding vir Nagraadse Studie*).
- V.8.9.2.6 Deelnamepunt**
'n Deelnamepunt kan opgebou word uit werkstukke en ander vorme van evaluering.
- V.8.9.2.7 Modulepunt**
Die modulepunt word bereken as 'n verhouding tussen die deelnamepunt, waar van toepassing, en die eksamenpunt soos in die studiegids aangedui is (vgl. A.8.8).
- V.8.9.2.8 Slaagvereistes**
- a) 'n Module word geslaag as die leerder 'n modulepunt van minstens 50% in die evaluering behaal het.
 - b) 'n Module, skripsie of verhandeling word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is.
 - c) 'n Leerder wat in die kernmodules van 'n kurrikulum 'n modulepunt van minstens 75% behaal, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.
- V.8.9.2.9 Herhaling van modules**
- a) 'n Verhandeling of skripsie kan slegs een keer na die kandidaat terugverwys en ná herbewerking weer ingedien word.
 - b) 'n Student mag binne die maksimum studietydperk van drie jaar, eenmalig vraestelle wat nie 25% van die vraestelle van die betrokke kurrikulum oorskry nie, herhaal.
- V.8.9.3 DOKTORSTUDIE**
- V.8.9.3.1 Benoeming van eksaminatore**
Vir die eksaminering van 'n proefskrif word vir elke leerder minstens drie eksaminatore, waarvan minstens een ekstern moet wees, deur die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur benoem. Vir elke promotor wat ook as eksaminator betrokke is, word 'n addisionele eksaminator benoem.
- V.8.9.3.2 Eksamen**
- a) Die eksamen vir 'n doktorsgraad bestaan uit minstens 'n proefskrif wat die resultate van die kandidaat se navorsing bevat.

- b) 'n Proefskrif mag alleen ingedien word met toestemming van die promotor.
- c) 'n Proefskrif moet 'n besliste wetenskaplike bydrae tot die kennis van en insig in die vak asook bewys van oorspronklikheid lewer, hetsy deur die vind van nuwe feite, hetsy deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.
- d) Die Fakulteitsraad kan bykomende vereistes in die vorm van óf 'n skriftelike eksamen en/óf 'n mondelinge eksamen stel vir die verwewing van 'n doktorsgraad.

V.8.9.3.3 Herhaling van modules

'n Proefskrif kan slegs een keer na die kandidaat terugverwys en ná herbewerking weer ingedien word.

V.9 REËLS VIR HONNEURS GRADE

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël V.8.4 (d) beskryf word en kan voltyds of deelyds geneem word.

V.9.1 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM

V.9.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een jaar** vir voltydse en **twee jaar** vir deelydse leerders; die maksimum duur is **twee jaar** vir voltydse en **drie jaar** vir deelydse leerders.

V.9.1.2 TOELATING

- a) 'n Leerder moet reeds in besit wees van 'n toepaslike baccalaureusgraad, of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur.
- b) Die Senaat kan onder besondere omstandighede 'n leerder wat in besit is van 'n baccalaureusgraad, maar nie uit 'n toepaslike studierigting nie, wel toelaat tot studie vir die kwalifikasie Honneurs Baccalaureus Artium.

V.9.1.3 PROGRAM: GEESTESWETENSKAPPE (TALE)

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, gee gevorderde opleiding in taal en taalpraktyk. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoefte van ons land. Hierdie kurrikulums berei die leerder ook voor vir verdere nagraadse studie in bepaalde spesialisrigtings.

V.9.1.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Kyk onder die hoof "Ander reëls" by die betrokke kurrikulum.

V.9.1.3.2 KURRIKULUM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS (L600V)

V.9.1.3.2.1 Kurrikulumuitkomst (dieselfde uitkomst geld vir die volgende kurrikulums: Engels, L605V; Sesotho, L632V; asook Taalpraktyk, L609V)

- a) Die honneurskurrikulums in die Skool vir Tale het die volgende breë uitkomst:
 - i) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdisiplinêre wyse omgegaan word met die akademiese aanbod.
 - ii) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en op te los.
 - iii) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
 - iv) Die vermoë om 'n doeltreffende leerder te wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
 - v) Die vermoë om 'n eie denkraamwerk te kan verwoord en verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
 - vi) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.

- vii) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie oordeel te vorm en te formuleer.
- viii) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur, soos dit in die taalpraktykveld toepassing vind, te kan internaliseer en toepas in die taalpraktisynsberoep in 'n kultureel-diverse en meertalige samelewing.

V.9.1.3.2.2 Artikulasie en uitreepunt

- a) Na die suksesvolle voltooiing van die honneursgraad (128 krediete) kan studie op **magister-** en daarna op **doktorale vlak** aangepak word. (Raadpleeg die toepaslike reëls in hierdie verband.)

V.9.1.3.2.3 Ander reëls (vgl. die samestelling van die kurrikulum onder V.9.1.3.2.4)

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat 'n skool en vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, en so meer kan hier 'n rol speel.
- b) Onder bepaalde omstandighede en met goedkeuring van die onderskeie direkteure van skole kan 'n leerder toegelaat word om een of twee modules uit 'n aanverwante vak as deel van die kurrikulum onder die hoofde Capita Selecta en Skripsie aan te bied. Raadpleeg in hierdie verband die betrokke vakvoorsitter.
- c) 'n Leerder kan skriftelik, op grond van sy/haar akademiese meriete, by die Fakulteitsraad aansoek doen om hoogstens twee bykomende modules tot die minimum vereistes van die voorgeskrewe kurrikulum te neem sonder die betaling van bykomende klasgelde.
- d) 'n Leerder registreer vir al vyf die modules.
- e) Die samestelling van die leerder se honneurspakket is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die vakvoorsitter asook die direkteur van Skool vir Tale.
- f) Van die volgende kategorieë leerders kan verwag word om verpligte modules te neem en/of 'n toelatingstoets af te lê: (a) leerders wat aan 'n ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het; en (b) leerders wat Afrikaans en Nederlands as hoofvak geneem het, maar nie 'n gemiddelde punt van 60% op vlak 3 behaal het nie.

V.9.1.3.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
AFNW671	SA en Afrika vergelykende letterkunde	24
AFNW672	Hedendaagse Afrikaanse letterkundige tendense	24
AFNW673	Spesialis-genrestudies	24
AFNW677	Capita Selecta	24
AFNW679	Skripsie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.1.3.3 KURRIKULUM: ENGELS (L605V)

V.9.1.3.3.1 Kurrikulumuitkomste

Kyk die kurrikulumuitkomste onder V.9.1.3.2.1.

V.9.1.3.3.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Na die suksesvolle voltooiing van die honneursgraad (128 krediete) kan studie op **magister-** en daarna op **doktorale vlak** aangepak word. (Raadpleeg die toepaslike reëls in hierdie verband.)

V.9.1.3.3.3 Ander reëls (vgl. die samestelling van die kurrikulum onder V.9.1.3.3.4)

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat 'n skool en vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, en so meer kan hier 'n rol speel.
- b) Onder bepaalde omstandighede en met goekeuring van die onderskeie direkteure van skole kan 'n leerder toegelaat word om een of twee modules uit 'n aanverwante vak as deel van die kurrikulum onder die hoofde Capita Selecta of Skripsie aan te bied. Raadpleeg in hierdie verband die betrokke vakvoorsitter.
- c) 'n Leerder kan skriftelike, op grond van sy/haar akademiese meriete, by die Fakulteitsraad aansoek doen om hoogstens twee bykomende modules tot die minimum vereistes van die voorgeskrewe kurrikulum te neem sonder die betaling van bykomende klasgelde.
- d) 'n Leerder registreer vir al vyf die modules.
- e) Die samestelling van die leerder se honneurspakket is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die vakvoorsitter asook die direkteur van die Skool vir Tale.
- f) Om te kan inskryf vir die honneurskursus in Taal en Taalpraktyk met 'n Engelse agtergrond, moes 'n leerder 'n minimum modulepunt van 60% behaal het vir die derdevlak modules in Engels. Leerders wat nie hierdie minimum behaal het nie, kan aansoek doen om 'n toelatingseksamen af te lê.
- g) Leerders wat toelating wil verkry tot honneursstudie in Taal en Taalpraktyk met die hoofsaaklike fokus op Engels moet in alle gevalle met die vakvoorsitter vir 'n evaluasie reël. Toelating hang van die suksesvolle afhandeling van hierdie evaluasie af.

V.9.1.3.3.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
ENHL671	SA en Afrika vergelykende letterkunde	24
ENHL672	Hedendaagse Engelse letterkundige tendense	24
ENHL673	Spesialis-genrestudies	24
ENHL677	Capita Selecta	24
ENHL679	Skripsie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.1.3.4 KURRIKULUM: SESOTHO (L632V)

V.9.1.3.4.1 Kurrikulumuitkomste

Kyk die kurrikulumuitkomste onder V.9.1.3.2.1.

V.9.1.3.4.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Na die suksesvolle voltooiing van die honneursgraad (128 krediete) kan studie op **magister-** en daarna op **doktorale vlak** aangepak word. (Raadpleeg die toepaslike reëls in hierdie verband.)

V.9.1.3.4.3 Ander reëls (vgl. die samestelling van die kurrikulum onder V.9.1.3.4.4)

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat 'n skool en vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, en so meer kan hier 'n rol speel.
- b) Onder bepaalde omstandighede en met goedkeuring van die onderskeie direkteure van skole kan 'n leerder toegelaat word om een of twee modules uit 'n aanverwante vak as deel van die kurrikulum onder die hoofde Capita Selecta en Skripsie aan te bied. Raadpleeg in hierdie verband die betrokke vakvoorsitter.
- c) 'n Leerder kan skriftelik, op grond van sy/haar akademiese meriete, by die Fakulteitsraad aansoek doen om hoogstens TWEE bykomende modules tot die minimum vereistes van die voorgeskrewe kurrikulum te neem sonder die betaling van bykomende klasgelde.
- d) 'n Leerder registreer vir al vyf die modules.
- e) Die samestelling van die leerder se honneurspakket is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die vakvoorsitter asook die direkteur van die Skool vir Tale.
- f) Leerders moet aan die voorvereiste van 60% in Sesotho op derde vlak voldoen vir keuring vir die honneursstudie in Taalpraktyk binne die Sesothokader.
- g) Enige leerder wat vir die honneursstudie aanmeld na verloop van meer as ses jaar na aflegging van die B.-graad en aan die voorvereiste van 60% in die graadstudie voldoen het, moet 'n bykomende toelatingseksamen aflê.

V.9.1.3.4.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
SSOL671	SA en Afrika vergelykende letterkunde	24
SSOL672	Hedendaagse Sesotho letterkundige tendense	24
SSOL673	Spesialis-genrestudies	24
SSOL677	Capita Selecta	24
SSOL679	Skripsie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.1.3.5 KURRIKULUM: TAALPRAKTYK (L609V)

V.9.1.3.5.1 Kurrikulumuitkomste

Kyk die kurrikulumuitkomste onder V.9.1.3.2.1.

V.9.1.3.5.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Na die suksesvolle voltooiing van die honneursgraad (128 krediete) kan studie op **magister**- en daarna op **doktorale vlak** aangepak word. (Raadpleeg die toepaslike reëls in hierdie verband.)

V.9.1.3.5.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.3.5.4)

- a) Leerders moet aan die voorvereiste van 65% in Sesotho/Engels/Afrikaans op derde vlak voldoen vir keuring vir die honneursstudie in Taalpraktyk.
- b) Verder sal van elke voornemende leerder verwag word om 'n toelatingseksamen suksesvol af te lê.
- c) 'n Leerder registreer vir al die volgende modules: LAPR671, LAPR678, LAPR673 en LAPR679.
- d) Verder registreer 'n leerder vir enige twee van die volgende drie modules: LAPR674, LAPR675 en LAPR677.
- e) Leerders word toegelaat om EEN alternatiewe module onder die hoof Capita Selecta uit 'n aanverwante vakgebied te neem by 'n ander kampus of universiteit. Sodanige besluit word in oorleg met die vakvoorsitters en skooldirekteur geneem.
- f) Die samestelling van die leerder se honneurspakket is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die vakvoorsitter asook die direkteur van die Skool vir Tale.

V.9.1.3.5.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
	Verpligte modules	
LAPR671	Teorie van die taalpraktyk	24
LAPR678	Toepassings in die taalpraktyk	24
LAPR673	Taal, teks en konteks	24
LAPR679	Hoofreferaat	8
	Keuse modules (twee van die volgende)	
LAPR674	Mediavertaling	24
LAPR675	Literêre vertaling	24
LAPR677	Capita Selecta	24
	Krediet totaal vir die kurrikulum	128

V.9.1.4 PROGRAM: GEESTESWETENSAPPE (ALGEMEEN)

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, gee gevorderde opleiding in die Geesteswetenskappe. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoefte van ons land. Hierdie kurrikulums berei die leerder ook voor vir verdere nagraadse studie in bepaalde spesialisrigtings.

V.9.1.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Kyk onder die hoof "Ander reëls" by die betrokke kurrikulum.

V.9.1.4.2 KURRIKULUM: GESKIEDENIS (L602V)

V.9.1.4.2.1 Kurrikulumuitkomste

- a) Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:
- gevorderde kennis aangaande geselekteerde temas uit die geskiedenis te hê;
 - selfstandig wetenskaplike navorsing in die vak te kan doen en die resultate te kan weergee op 'n wyse wat aan die vereistes van die geskiedeniswetenskap voldoen.

V.9.1.4.2.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.1.4.2.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.4.2.4)

- Leerders wat in besit is van 'n B.A.-graad of gelykwaardige kwalifikasie waarin Geskiedenis as hoofvak geneem is of minstens 120 krediete in die vak verwerf is, kan vir toelating tot hierdie graad oorweeg word. Onder besondere omstandighede kan die Senaat 'n leerder wat in besit is van 'n eerste graad maar nie aan al die vereistes voldoen nie, met inagneming van vorige leer tot hierdie kurrikulum toelaat.
- Die kurrikulum bestaan uit twee vaste modules (56 krediete in totaal) en drie of vier keusemodules (72 krediete in totaal).
- Minstens drie van die keusemodules word jaarliks of tweejaarliks op die Vaaldriehoekskampus aangebied. Ander modules kan op die Potchefstroomkampus geneem word indien die leerder in staat is om klasse daar by te woon.
- Leerders wat GESK677 kies, moet ook GESK678 neem en in totaal ses modules voltooi; ander leerders voltooi slegs vyf modules.
- Die keuse word deur die leerder in oorleg met die betrokke vakvoorsitter gemaak.

V.9.1.4.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
	Verpligte kursuseenhede	
GESK671	Metodologie	24
GESK672	Historiografie	32
	Keuse modules	
GESK673	Navorsingsprojek	24
GESK674	Afrikageskiedenis: geselekteerde tema	24
GESK675	Wêreldgeskiedenis: geselekteerde tema	24
GESK676	Krygsgeskiedenis	24
GESK677	Genealogie	16

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
GESK678	Toegepaste Genealogie	8
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.1.4.3 KURRIKULUM: TEOLOGIE / BYBELKUNDE (L608V)

V.9.1.4.3.1 Kurrikulumuitkomst

- a) Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:
- i) effektief te funksioneer in fasette van die volgende: die geldige verklaring en toepassing van die Bybel (met hulpmiddels), kerklike bediening, pastorale berading, etiese oriëntering en waardevestiging, gemeenskapsontwikkeling;
 - ii) in 'n multikulturele en internasionale konteks te funksioneer.

V.9.1.4.3.2 Artikulasie en uitteerpunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium. Daar is geen vroeëre uitteerpunte nie.

V.9.1.4.3.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.4.3.4)

- a) Onder besondere omstandighede kan die Senaat 'n leerder wat in besit is van 'n nie-Teologiese baccalaureusgraad, tot die honneursstudie in Teologie of Bybelkunde toelaat. 'n Suksesvolle colloquium doctum word vereis.
- b) Keuring geskied op grond van die leerder se akademiese prestasie en insig in die relevante module(s) vir die eerste graad.
- c) Vir die honneursstudie word 'n persentasie van 60% in die relevante module(s) op die derde vlak van die eerste B.-graad vereis.
- d) Benewens die 3 verpligte 24 krediet modules, neem die leerder 3 verdere 16 krediet modules, asook een 8 krediet module.

V.9.1.4.3.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
Verpligte modules		
NTES672	Nuwe Testament	24
OTES672	Ou Testament	24
MISS671	Missiologie	24
ETIE672	Etiek	16
KDGV671	Kerk- en Dogmageskiedenis	16
PAST671	Pastoraal	16
NAVM671	Navorsingsmetodologie	8
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.1.5 PROGRAM: GEDRAGSWETENSAPPE

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, gee gespesialiseerde opleiding in die Gedragwetenskappe. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekragbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die leerder ook voor vir verdere nagraadse studie in bepaalde spesialisrigtings.

V.9.1.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Kyk onder die hoof "Ander reëls" by die betrokke kurrikulum.

V.9.1.5.2 KURRIKULUM: HUWELIK- EN GESINSVOORLIGTING EN –BERAAD (L603V)**V.9.1.5.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om kundigheid met betrekking tot huwelik- en gesinsvoorgligting en –beraad prakties te demonstree.

V.9.1.5.2.2 Artikulasie en uitreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium.

V.9.1.5.2.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.5.2.4)

- a) Praktiese opleiding is verpligend en word gelyktydig met die gestruktureerde kursus aangebied.
- b) Keuring van kandidate vir die kursus sal vooraf plaasvind.
- c) Die minimum duur van die kursus is twee jaar.
- d) Indien 'n leerder nie oor Sosiologie as hoofvak vir die eerste baccalaureusgraad beskik nie, kan kennis van 'n aanverwante vak en/of beroepservaring en/of aanverwante opleiding of indiensopleiding deur 'n erkende instansie as toelatingskriteria oorweeg word na toepaslike evaluering, en kan die direkteur vereis dat ontbrekende sosiologiese vakkennis deur die betrokke kandidaat verwerf word.

V.9.1.5.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
SGVK671	Huwelik en Gesinsteorie	16
SGVK672	Navorsingsmetodologie	16
SGVK673	Navorsingsprojek	16
SGVK674	Narratiewe berading	16
SGVK675	Huwelik- en Gesinskontekstualisering	16
SGVK676	Praktyk en Verslae	16
SGVK677	Regs- en Professionele Kundigheid	16
SGVK678	Menslike seksualiteit	16
Kredietotaal vir die kurrikulum		128

V.9.1.5.3 KURRIKULUM: PSIGOLOGIE (L607V)**V.9.1.5.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur psigologiese fenomene ondersoek en bestuur word.

V.9.1.5.3.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium.
- b) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen artikulasie na die Baccalaureus Psychologiae kurrikulum. Dit behels die verdere bestudering van kursusspesifieke modules asook 'n intenskap van ses maande.

V.9.1.5.3.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.5.3.4)

- a) Voornemende leerders is onderhewig aan 'n keuringsproses soos deur die betrokke skool gereël.
- b) 'n Minimum gemiddelde punt van 60% vir Psigologie as hoofvak word vereis.
- c) 'n Leerder moet al die modules neem.

V.9.1.5.3.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
PSIG671	Psigometrie	8
PSIG672	Psigologiese Evaluering	16
PSIG683	Gevorderde krisisintervensie	8
PSIG684	Navorsingsmetodologie	8
PSIG685	Teoretiese perspektiewe op hulpverlening	16
PSIG686	Groepshantering, Gemeenskapspsigologie en –programme	16
PSIG687	Beroepsvoorligting en loopbaanbeplanning	8
PSIG678	Psigopatologie	16
PSIG679	Fasilitering van menslike ontwikkeling	16
STTK111	Inleidende beskrywende statistiek	8
STTK124	Praktiese statistiek	8
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.1.5.4 KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDIGE BERADING (L615V)**V.9.1.5.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur psigologiese fenomene in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

V.9.1.5.4.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.1.5.4.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.5.4.4)

- a) Die leerder moet in besit wees van 'n B.A.-graad of B.A.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.A.-studie.
- b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.
- c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die leerder in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.
- d) As algemene riglyn geld 'n minimum van 60% per module, of soos deur die betrokke skool vereis.

V.9.1.5.4.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
	Eerste semester	
BSKP611	Psigometrika	8
BSKP612	Psilogiese Evaluering	8
BSKP613	Organisasiegedrag	8
BSKP615	Strategiese Mensehulpbronbestuur	8
BSKP616	Loopbaansielkunde	8
BSKP617	Navorsingsmetodologie	8
BSKP618	Internskap: Loopbaansielkunde	16
BSKP619	Internskap: Psigometrika	16
	Tweede semester	
BSKP621	Organisasie-Ontwikkeling	8
BSKP622	Mensekapasiteitsontwikkeling	8
BSKP623	Navorsingsverslag	16
BSKP624	Internskap: Personeelsielkunde	16
BSKP625	Internskap: Organisasiesielkunde	16
	Krediet totaal vir die kurrikulum	144

V.9.1.5.5 KURRIKULUM: MENSEHULPBRONBESTUUR (L616V)

V.9.1.5.5.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur sosiologiese fenomene in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

V.9.1.5.5.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.1.5.5.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.5.5.4)

- a) Die leerder moet in besit wees van 'n B.A.-graad of B.A.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.A.-studie.
- b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.
- c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die leerder in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.
- d) As algemene riglyn geld 'n minimum van 60% per module of soos deur die betrokke skool vereis.

V.9.1.5.5.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
Eerste semester		
BSKP611	Psigometrika	8
BSKP612	Psilogiese Evaluering	8
BSKP613	Organisasiegedrag	8
BSKP614	Strategiese Mensehulpbronbeplanning	8
BSKP615	Strategiese Mensehulpbronbestuur	8
BSKP616	Loopbaansielkunde	8
BSKP617	Navorsingsmetodologie	8
BSAP611	Sosiologiese teorie	16
Tweede semester		
BSKP621	Organisasie-ontwikkeling	8
BSKP622	Mensekapasiteitsontwikkeling	8
BSKP623	Navorsingsverslag	16
BSAP621	Groepsdinamika	16
BSAP622	Gevorderde Arbeidsverhoudinge	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		136

V.9.1.5.6 KURRIKULUM: ARBEIDSVERHOUDINGE (L617V)**V.9.1.5.6.1 Kurrikulumuitkomst**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur sosiologiese fenomene in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

V.9.1.5.6.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.1.5.6.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.1.5.6.4)

- a) Die leerder moet in besit wees van 'n B.A.-graad of B.A.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.A.-studie.
- b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.
- c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die leerder in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.
- d) As algemene riglyn geld 'n minimum van 60% per module of soos deur die betrokke skool vereis.

V.9.1.5.6.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
Eerste semester		
BSKP613	Organisasiegedrag	8
BSKP614	Strategiese Mensehulpbronbeplanning	8
BSKP615	Strategiese Mensehulpbronbestuur	8
BSAP611	Sosiologiese teorie	8
BSAP612	Sosio-kulturele Verandering	8
BSAP613	Toegepaste Arbeidsverhoudinge	16
BSAP614	Navorsingsmetodologie	8
Tweede semester		
BSKP621	Organisasie-Ontwikkeling	8
BSKP622	Mensekapasiteitsontwikkeling	8
BSAP621	Groepsdinamika	16
BSAP622	Gevorderde Arbeidsverhoudinge	16
BSAP623	Navorsingsverslag	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.2 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM IN ONTWIKKELING EN BESTUUR

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in die program en kurrikulum wat in reël V.8.4 (d) beskryf word en kan voltyds of deelydse geneem word.

V.9.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een jaar** vir voltydse en **twee jaar** vir deelydse leerders; die maksimum duur is **twee jaar** vir voltydse en **drie jaar** vir deelydse leerders.

V.9.2.2 TOELATING

- a) 'n Leerder moet reeds in besit wees van 'n toepaslike baccalaureusgraad, of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Senaat goedgekeur.
- b) Die Senaat kan onder besondere omstandighede 'n leerder wat in besit is van 'n baccalaureusgraad, maar nie uit 'n toepaslike studierigting nie, wel toelaat tot studie vir die kwalifikasie Honneurs Baccalaureus Artium in Ontwikkeling en Bestuur.

V.9.2.3 PROGRAM: ONTWIKKELING EN BESTUUR

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, gee gevorderde opleiding in Ontwikkeling en Bestuur. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die leerder ook voor vir verdere nagraadse studie in hierdie spesialisrigting.

V.9.2.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Kyk onder die hoof "Ander reëls" by die betrokke kurrikulum.

V.9.2.3.2 KURRIKULUM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING (L640V)**V.9.2.3.2.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) genoegsame kennis opgedoen het oor 'n wye spektrum van fasette van bestuur met die fokus op volhoubare ontwikkeling. Met die kennis sal bestuurders binne hul beroepsituasie beter opereer en sal op eie inisiatief 'n bydrae kan lewer tot die beroep waarbinne hulle staan.

V.9.2.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Artium. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.2.3.2.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.2.3.2.4)

- a) 'n Leerder moet agt modules suksesvol aflê. In die tweede semester moet die leerders kies tussen HPGA624 of HPGA625.

V.9.2.3.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
HPGA611	Metodologie	16
HPGA613	Internasionale perspektiewe	16
HPGA614	Politiese ontwikkeling in Afrika	16
HPGA615	Europese Unie-studies in Afrika	16
HPGA621	Beleidsanalise en –implementering (beplanning)	16
HPGA622	Openbare bestuur en leierskap	16
HPGA623	Projekbestuur	16
HPGA624/ HPGA625	Munisipale bestuur of Bestuur vir volhoubare ontwikkeling	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.3 REÛLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël V.8.4 (d) beskryf word en kan voltyds of deelytds geneem word.

V.9.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een jaar** vir voltydse en **twee jaar** vir deelytdse leerders. Die maksimum duur is **twee jaar** vir voltydse en **drie jaar** vir deelytdse leerders.

V.9.3.2 TOELATING

- a) 'n Leerder moet reeds in besit wees van 'n toepaslike baccalaureusgraad, of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Senaat goeagekeur (vgl. reël A.10.1).
- b) Daar moet voldoen word aan al die hoofvakvereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.Com.-studie. 'n Gemiddelde punt van minstens 60% in die finale jaar word in die betrokke hoofvak vereis.
- c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die leerder in hierdie hoofvak(ke) moet vir elke ingeslote kursuseenheid tot bevrediging van die betrokke direkteur wees.
- d) B.Com.-status word slegs verleen indien die volgende kursusse geslaag is of vrystelling op grond van spesifieke opdragte vir kursusse deur die direkteur verleen is: EKNP111, EKNP121; ONBP111, ONBP121; RECP111, RECP121.
- e) In aansluiting by (d) hierbo, kan 'n direkteur ook vereis dat 'n leerder toepaslike modules in die volgende programme geslaag het, alvorens B.Com.-status aan die betrokke leerder verleen word: menswetenskappe, wiskunde, statistiek, rekenaarstudies.

V.9.3.3 PROGRAM: EKONOMIE

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, bemagtig leerders met hoëvlakkennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid, sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die leerder in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit meer gespesialiseerd te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te verstaan, asook om krities en innoverend te dink.

V.9.3.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- a) As algemene riglyn geld dat 'n minimum van 60% per kursuseenheid of soos deur die betrokke skool vereis, in die volgende semesterkursusse behaal moes gewees het: EKNP211, EKNP221, EKIP211; EKIP221.
- b) Vir Ekonomie (kurrikulum E600V) word EKN311 en EKN321 vereis, en vir Risikobestuur (kurrikulum E602V) word EKG311 en EKG321 vereis.

V.9.3.3.2 KURRIKULUM: EKONOMIE (E600V)

V.9.3.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- 'n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;
- op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;
- begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings;
- sensitief te wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.

V.9.3.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

- Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8-kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die leerder se gekose spesialisdisipline.

V.9.3.3.2.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.3.3.2.4)

- Leerders registreer vir al agt modules (16 krediete elk) wat suksesvol afgehandel moet word.

V.9.3.3.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
	Eerste semester	
EKNP611	Mikro-Ekonomie	16
EKNP612	Makro-Ekonomie	16
EKNP613	Navorsingsmetodologie	16
EKNP614	Ontwikkelingsekonomie	16
	Tweede semester	
EKNP621	Internasionale Handel	16
EKNP622	Monetêre en Fiskale Beleid	16
EKNV625	Navorsingsprojek	16
EKNP624	Arbeidsekonomie	16
	Krediet totaal vir die kurrikulum	128

V.9.3.3.3 KURRIKULUM: RISIKOBESTUUR (E602V)

V.9.3.3.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) 'n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;
- b) op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;
- c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings;
- d) sensitief te wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.

V.9.3.3.3.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8-kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die leerder se gekose spesialisdisipline.

V.9.3.3.3.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.3.3.3.4)

- a) Leerders registreer vir al agt modules (16 krediete elk) wat suksesvol afgehandel moet word.

V.9.3.3.3.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
Eerste semester		
EKNP611	Mikro-Ekonomie	16
EKNP612	Makro-Ekonomie	16
EKNP613	Navorsingsmetodologie	16
EKNP615	Termynmarkte	16
Tweede semester		
EKNP621	Internasionale Handel	16
EKNP622	Monetêre en Fiskale Beleid	16
EKNV625	Navorsingsprojek	16
EKNP623	Risikobestuur	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.3.4 PROGRAM: ONDERNEMINGSBESTUUR

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, bemagtig leerders met hoëvlakkennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die leerder in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te

verstaan, om krities en innoverend te dink en om 'n grondslag te lê vir verder spesialisasie by wyse van gevorderde kwalifikasies.

V.9.3.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- a) As algemene riglyn geld dat 'n minimum van 60% per kursuseenheid of soos deur die betrokke skool vereis, in die volgende semesterkursusse behaal moes gewees het: ONBP121, ONBP211, ONBP221, ONB311, ONB321.

V.9.3.4.2 KURRIKULUM: ONDERNEMINGSBESTUUR (E613V)

V.9.3.4.2.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) 'n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewing te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;
- b) op grond van sy/haar kennis van multidisziplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;
- c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings.

V.9.3.4.2.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Op vertikale vlak artikleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8-kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die leerder se gekose spesialisdisipline.

V.9.3.4.2.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.3.4.2.4)

- a) 'n Leerder moet al sewe modules neem.

V.9.3.4.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
ONBP671	Navorsingsmetodologie en projek	32
ONBP611	Entrepreneurskap	16
ONBP612	Bemarkingskommunikasie	16
ONBP615	Strategiese Bestuur	16
ONBP625	Bemarkingsplan	16
ONBP622	Leierskap	16
ONBP624	Internasionale Bemarking	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.3.5 PROGRAM: REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, bemagtig leerders met hoëvlak kennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.

Verder stel hierdie kurrikulums die leerder in staat om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese- en besigheidsomgewing te verstaan om krities en innoverend te dink en om 'n grondslag te lê vir verdere spesialisasie by wyse van gevorderde kwalifikasies.

V.9.3.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- a) As algemene riglyne geld dat 'n minimum van 60% per kursuseenheid of soos deur die betrokke skool vereis, in die volgende semesterkursusse behaal moes gewees het: RECP211, RECP221, REK311, REK321, ONBP121, ONBP211, ONBP221, ONB311, ONB321, BRKP211, BRKP221, BRK311, BRK321.
- b) 'n Verdere riglyn bepaal dat 'n minimum van 50% per kursuseenheid of soos deur die betrokke skool vereis, in die volgende semesterkursusse behaal moes gewees het: REI311, REI321.

V.9.3.5.2 KURRIKULUM: GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP (E630V)

V.9.3.5.2.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) 'n diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese- en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los;
- b) op grond van sy/haar kennis van multidisziplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes, konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los;
- c) begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings.

V.9.3.5.2.2 Artikulasie en uitteerpunt

- a) Op vertikale vlak artikuleer die Honneurs B.Com.-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8-kwalifikasies, spesifiek die magisterkwalifikasies binne die leerder se gekose spesialisdisipline.

V.9.3.5.2.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.3.5.2.4)

- a) Om tot die kurrikulum Geoktrooieerde Rekenmeesterskap toegelaat te word moet die leerder in besit wees van 'n B.Com-, B.Rek- of 'n ander graad soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur, met die volgende modules (of kursusse gelykwaardig hieraan), naamlik Rekeningkunde (REK311, 321); Ouditkunde (REO311, 321); Bedryfs- en

Bestuursrekeningkunde (BRK311, 321); Inkomstebelasting (REI311, 321); Handelsreg (HRE311, 321) en Inligtingstelsels (RKW112).

- b) Om tot die kurrikulum Geoktrooieerde Rekenmeesterskap toegelaat te word moet die leerder 'n gemiddeld van minstens 60% in Rekeningkunde en Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde, en minstens 55% in Ouditkunde en Inkomstebelasting in sy finale jaar behaal het, ten einde tot een jaar voltydse studie toegelaat te word. Toelating tot twee jaar voltydse studie sal oorweeg word op grond van die leerder se akademiese prestasie.
- c) Om tot die kurrikulum Geoktrooieerde Rekenmeesterskap toegelaat te word moet die leerder voor die aanvang van die akademiese jaar by die Direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.
- d) Hierdie kurrikulum word slegs in Engels aangebied.
- e) Alle voltydse Hons. B.Com. (Rekenmeesterskap)-leerders moet minstens een maand per jaar tydens hulle studietydperk praktiese ervaring by 'n rekenmeestersfirma opdoen.
- f) Leerders moet al die modules van 'n eksamenleentheid gelyktydig slaag om die graad te verwerf. Hertoelating tot hierdie kurrikulum geskied nie outomaties nie. Indien slegs **drie** modules geslaag word, word 'n Honneurs B.Com. (Rekeningkunde) verwerf.
- g) Die kurrikulum Geoktrooieerde Rekenmeesterskap kan oor een of twee jaar voltooi word.

V.9.3.5.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
RECP671	Finansiële Rekeningkunde	48
RECP672	Gevorderde Ouditkunde	48
RECP673	Gevorderde Inkomstebelasting	48
RECP674	Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur	48
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

V.9.3.6 PROGRAM: GEDRAGSWETENSKAPPE

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, gee gespesialiseerde opleiding in die Gedragwetenskappe. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekragbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulums berei die leerder ook voor vir verdere nagraadse studie in bepaalde spesialisrigtings.

V.9.3.6.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Kyk onder die hoof "Ander reëls" by die betrokke kurrikulum.

V.9.3.6.2 KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDIGE BERADING (E625V)

V.9.3.6.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur psigologiese fenomene in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

V.9.3.6.2.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Commercii. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.3.6.2.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.3.6.2.4)

- a) Die leerder moet in besit wees van 'n B.Com.-graad of B.Com.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.Com.-studie.
- b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.
- c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die leerder in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skoordirekteur wees.
- d) As algemene riglyn geld 'n minimum van 60% per module, of soos deur die betrokke skool vereis.

V.9.3.6.2.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
Eerste semester		
BSKP611	Psigometrika	8
BSKP612	Psigologiese Evaluering	8
BSKP613	Organisasiegedrag	8
BSKP615	Strategiese Mensehulpbronbestuur	8
BSKP616	Loopbaansielkunde	8
BSKP617	Navorsingsmetodologie	8
BSKP618	Internskap: Loopbaansielkunde	16
BSKP619	Internskap: Psigometrika	16
Tweede semester		
BSKP621	Organisasie-Ontwikkeling	8
BSKP622	Mensekapasiteitsontwikkeling	8
BSKP623	Navorsingsverslag	16
BSKP624	Internskap: Personeelsielkunde	16
BSKP625	Internskap: Organisasiesielkunde	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		144

V.9.3.6.3 KURRIKULUM: MENSEHULPBRONBESTUUR (E626V)

V.9.3.6.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur sosiologiese fenomene in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

V.9.3.6.3.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Commercii. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.3.6.3.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.3.6.3.4)

- a) Die leerder moet in besit wees van 'n B.Com.-graad of B.Com.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgename Hons. B.Com.-studie.
- b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.
- c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die leerder in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.
- d) As algemene riglyn geld 'n minimum van 60% per module of soos deur die betrokke skool vereis.

V.9.3.6.3.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
Eerste semester		
BSKP611	Psigometrika	8
BSKP612	Psilogiese Evaluering	8
BSKP613	Organisasiegedrag	8
BSKP614	Strategiese Mensehulpbronbeplanning	8
BSKP615	Strategiese Mensehulpbronbestuur	8
BSKP616	Loopbaansielkunde	8
BSKP617	Navorsingsmetodologie	8
BSAP611	Sosiologiese teorie	16
Tweede semester		
BSKP621	Organisasie-ontwikkeling	8
BSKP622	Mensekapasiteitsontwikkeling	8
BSKP623	Navorsingsverslag	16
BSAP621	Groepsdinamika	16
BSAP622	Gevorderde Arbeidsverhoudinge	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		136

V.9.3.6.4 KURRIKULUM: ARBEIDSVERHOUDINGE (E627V)

V.9.3.6.4.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder:

- a) in staat te wees om gevorderde funksies uit te oefen en vaardighede toe te pas waardeur sosiologiese fenomene in die werkskonteks ondersoek en bestuur word.

V.9.3.6.4.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum verleen toegang tot registrasie vir die kwalifikasie Magister Commercii. Daar is geen vroeëre uittreepunte nie.

V.9.3.6.4.3 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.3.6.4.4)

- a) Die leerder moet in besit wees van 'n B.Com.-graad of B.Com.-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons. B.Com.-studie.
- b) Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen word.
- c) Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die leerder in hierdie kernmodules moet vir elke ingeslote module tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur wees.
- d) As algemene riglyn geld 'n minimum van 60% per module of soos deur die betrokke skool vereis.

V.9.3.6.4.4 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
Eerste semester		
BSKP613	Organisasiegedrag	8
BSKP614	Strategiese Mensehulpbronbeplanning	8
BSKP615	Strategiese Mensehulpbronbestuur	8
BSAP611	Sosiologiese teorie	8
BSAP612	Sosio-kulturele Verandering	8
BSAP613	Toegepaste Arbeidsverhoudinge	16
BSAP614	Navorsingsmetodologie	8
Tweede semester		
BSKP621	Organisasie-ontwikkeling	8
BSKP622	Mensekapasiteitsontwikkeling	8
BSAP621	Groepsdinamika	16
BSAP622	Gevorderde Arbeidsverhoudinge	16
BSAP623	Navorsingsverslag	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.4 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAURES SCIENTIAE

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in die program en kurrikulum wat in reël V.8.4 (d) beskryf word en kan voltyds of deelyds geneem word.

V.9.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een jaar** vir voltydse en **twee jaar** vir deeltydse leerders; die maksimum duur is **twee jaar** vir voltydse en **drie jaar** vir deeltydse leerders, met dien verstande dat aansoek gedoen kan word om die tydperk te verleng.

V.9.4.2 TOELATING

- a) 'n Leerder moet reeds in besit wees van 'n toepaslike baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Senaat goedgekeur (vgl. reël A.10.1).

V.9.4.3 PROGRAM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, bied gevorderde en loopbaangerigte opleiding in die Inligtingstegnologie. By die samestelling van die kurrikulum is daarom oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoefte van ons land. Hierdie kurrikulum berei die leerder ook voor vir verdere nagraadse studie (NKR-veld 8) in bepaalde spesialisrigtings.

V.9.4.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Toelating tot hierdie program geskied volgens die Algemene reëls (A.10.1) van die Universiteit.

V.9.4.3.2 KURRIKULUM: INLIGTINGSTEGNOLOGIE (N637V)

V.9.4.3.2.1 Kurrikulumuitkomst

Aan die einde van die studie moet die leerder in staat wees om sekere konvergente en divergente probleme uit die inligtingstegnologieveld te identifiseer, te evalueer, en basiese kennis en tegnieke van die Inligtingstegnologie te integreer om probleme kreatief en innoverend op te los.

V.9.4.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Die Honneurs B.Sc. kan toelating gee tot verdere leer vir die M.Sc.-graad.

V.9.4.3.2.3 Artikulasie na en van ander inrigtings

- a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.
- b) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die leerder met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die leerder toegerus wees om met verdere leer voort te gaan aan ander inrigtings.

V.9.4.3.2.4 Ander reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder V.9.4.3.2.5)

- a) Die kurrikulum is saamgestel in 'n vaste formaat soos hieronder uiteengesit. Die projek moet in oorleg met die Direkteur van die Skool vir Modelleringswetenskappe gekies word, en verkieslik in samewerking met nywerhede gedoen word.

V.9.4.3.2.5 Samestelling van die kurrikulum

Module-kode	Beskrywende naam	Kt
ITWV671	Navorsingsmetodologie en Projek	32
ITWV672	Besluitsteunstelsels	32
ITWV673	Data-ontginning	32
ITWV674	Mens/rekenaar-interaksie	32
Kredietotaal vir die kurrikulum		128

V.9.5 REÛLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS EDUCATIONIS

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in V.8.4 (d) gelys word en wat hieronder in besonderhede beskryf word, en word voltyds of deelyds geneem. 'n Leerder volg 'n gekose program en kurrikulum in 'n professionele of 'n akademiese fokus. 'n Leerder wat oor 'n erkende goedgekeurde professionele onderwyskwalifikasie beskik, word toegelaat tot 'n kurrikulum met professionele fokus, en 'n leerder wat nie oor sodanige professionele onderwyskwalifikasie beskik nie, word toegelaat tot 'n kurrikulum met akademiese fokus. Die programme en kurrikulums wat in hierdie kwalifikasie saamgestel is, gee erkenning aan gespesialiseerde akademiese of professionele studie in opvoedkunde.

In alle programme en kurrikulums doen akademiese leerders 'n meer uitgebreide opdrag met betrekking tot navorsing as die aksienavorsing wat deur professionele leerders gedoen word. Die opdrag is meer uitgebreid wat die omvang sowel as die gebruik van meervoudige navorsingswyses betref, en word in konteks van die gekose program en kurrikulum uitgevoer.

V.9.5.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie graad is een (1) jaar en die maksimum duur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar.

V.9.5.2 TOELATING

- a) Toelating tot hierdie program geskied volgens die Algemene reëls (A.10) van die Universiteit.
- b) Demonstrasie van die bereiking van leeruitkomste op NKR-vlak 6 (480 krediete, waarvan 72 op vlak 6), wat die volgende behels:
 - i) Slaag in 'n baccalaureusgraad of lisensiaat (360 krediete) plus 'n Nagraadse Sertifikaat in Opvoedkunde of enige ander professionele Opvoedkundekwalifikasie (120 krediete, waarvan 72 op vlak 6); of
 - ii) Slaag in 'n baccalaureusgraad in Opvoedkunde (480 krediete); of
 - iii) Slaag in 'n baccalaureusgraad (480 krediete) wat as toepaslik geëvalueer is; of
 - iv) Enige ander erkende onderwyskwalifikasie wat 480 krediete (waarvan 72 op vlak 6) uitmaak; of
 - v) Enige erkende EVL-ekwivalent van die bostaande.

- a) Leerders met 'n Hons.-graad in Bedryfsielkunde wat, om watter rede ook al, nie met 'n M.-graad in Bedryfsielkunde kan voortgaan nie, sal toegelaat word om, na aflegging van 'n tentamen tot bevrediging van die programleier van Bedryfsosiologie: Arbeidsverhoudinge, vir 'n M.-graad in Bedryfsosiologie: Arbeidsverhoudinge in te skryf, mits daar aan die akademiese vereistes vir die laasgenoemde kurrikulum voldoen word.

V.11.3.5.1.2 KURRIKULUM: BEDRYFSIELKUNDE (E820V en E821V)

11.3.5.1.2.1 Spesifieke reëls (vgl. samestelling van kurrikulums onder 11.3.5.1.2.2)

- a) Indien die leerder registreer vir BPKV872 (verhandeling – 128 krediete), word **twee** verdere modules van 16 krediete elk uit die lys van keusemodules vereis.
- b) Indien die leerder registreer vir BPKV873 (skripsie – 80 krediete), word **vyf** verdere modules van 16 krediete elk uit die lys van keusemodules vereis.
- c) Die onderwerp van die verhandeling of skripsie moet op aanbeveling van die betrokke direkteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur word.

11.3.5.1.2.2 Samestelling van die kurrikulums

Kurrikulum-kode	Modulekode	Verpligte module	Kt
E820V	BPKV872	Verhandeling	128
of	of	of	
E821V	BPKV873	Skripsie	80
		Keuse modules	
	BPKP874	Beroepsielkunde	16
	BPKP875	Gevorderde gespreksvoering	16
	BPKP876	Menslikehulpbronontwikkeling	16
	BPKP877	Bedryfsielkunde (Capita Selecta)	16
	BPKP878	Navorsingsmetodiek	16
Krediet totaal vir die kurrikulum			160

V.11.3.5.1.3 KURRIKULUM: BEDRYFSOSIOLOGIE (ARBEIDSVERHOUDINGE) (E822V)

11.3.5.1.3.1 Spesifieke reëls (vgl. samestelling van kurrikulum onder 11.3.5.1.3.2)

- a) Leerders moet 'n verhandeling (128 krediete) skryf.

11.3.5.1.3.2 Samestelling van die kurrikulum

Modulekode	Verpligte module	Kt
BSAP871	Verhandeling	128
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.11.4 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE

Die M.Sc.-graad is 'n graad wat kan volg op 'n Honneurs B.Sc.-graad of 'n ander erkende graad wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, of nadat die status van 'n B.Sc.- of 'n Honneurs B.Sc.-graad verleen is. Die studie kan voltyds of deelyds geskied.

V.11.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds, en die maksimum duur is drie jaar voltyds en vyf jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die kurrikulum, met dien verstande dat aansoek gedoen kan word om die tydperk te verleng.

V.11.4.2 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

'n Leerder wat van voorneme is om vir die magistergraad in te skryf, moet by die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika, wat hierin optree in oorleg met die direkteur van die Skool vir Modelleringswetenskappe, toestemming verkry om die studie te onderneem. Toelating geskied volgens die Algemene reëls (A.11.1) van die Universiteit.

V.11.4.3 FOKUSAREA 10.1: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

V.11.4.3.1 KURRIKULUM IN DIE NAVORSINGSEENHEID VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA (N837V)

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir 'n magisterverhandeling of -skripsie vereis word, binne 'n navorsingseenheid of een van die navorsingsfokusareas verrig word. Die magisterkurrikulum wat in die Skool vir Modelleringswetenskappe aangebied word, rersorteer onder die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika.

V.11.4.3.2 Kurrikulumuitkomst

Die uitkomst soos beskryf by die Honneurs Baccalaureus Scientiae word by hierdie Magister Scientiae verder verfyn en afgerond. Verder sal die kwalifiseerders in hierdie kurrikulum vertrou wees met die algemene wetenskaplike metode van navorsing, met toespitsing op die besondere navorsingsmetodologie van die inligtingstechnologie.

V.11.4.3.3 Artikulasie en uittreepunt

V.11.4.3.3.1 Artikulasie en verdere studie

- a) Met die suksesvolle voltooiing van die M.Sc.-kwalifikasie sal die leerder direk toegang hê tot verdere leer vir die doktorsgraad op NKR-vlak 8.

V.11.4.3.3.2 Artikulasie na en van ander inrigtings

- a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.
- b) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die leerder met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die leerder toegerus wees om met verdere leer voort te gaan aan ander inrigtings.

V.11.4.3.4 Samestelling van die kurrikulum

- a) 'n Leerder kies in oorleg met die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika en die direkteur van die Skool vir Modelleringswetenskappe 'n geskikte tema vir 'n verhandeling en twee vraestelle. Die leerder neem dus die module ITWV872 en kies **twee** ander modules uit **een** van die programme in die volgende tabel.

Program	Module-kode	Beskrywende naam	Kt
	ITWV872	Verhandeling	64
Besluitsteunstelsels	ITWV878	Besluitsteunstelsels I	32
	ITWV879	Besluitsteunstelsels II	32
Data-ontginning	ITWV874	Data-ontginning I	32
	ITWV875	Data-ontginning II	32
Mens-rekenaar interaksie	ITWV876	Mens-rekenaar interaksie I	32
	ITWV877	Mens-rekenaar interaksie II	32
Krediet totaal vir die kurrikulum			128

V.11.5 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS (M.ED.)

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in V.8.4 gelys word en wat hieronder in besonderhede beskryf word, en word voltyds of deelyds geneem. Die doel met die meestersgraad is om toegewyde onderwysspesialiste akademies toe te rus en te vorm tot akademiese deskundigheid en uitmuntendheid om hulle roeping te vervul vanuit 'n Christelike perspektief en in Suid-Afrika se behoefte aan hoëvlak-opvoedkundige navorsers te voorsien.

V.11.5.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **een (1)** jaar of die verwerwing van 256 krediete, en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad is **drie (3)** jaar, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in reël A.11.3.3.

V.11.5.2 SPESIALE TOELATINGSVEREISTES

- a) Toelating tot magisterstudie geskied in ooreenstemming met reël A.11.1.1.
- b) 'n Leerder moet beskik oor 'n Honneurs B.Ed. in die rigting waarvoor die kandidaat vir die magistergraad wil registreer, plus een van die volgende:
 - i) 'n Minimum slaagvereiste van 65% in die Honneurs B.Ed.;
 - ii) 'n Nagraadse Diploma in die Opvoedkunde (NDO) in die rigting waarvoor die kandidaat vir die magistergraad wil registreer;
 - iii) 'n Minimum slaagvereiste van 65% in die NDO.
- c) Kandidate moet verder oor 'n rekenaar beskik en rekenaargeletterd wees.

V.11.5.3 FOKUSAREA 5.1: ONDERRIGLEER-ORGANISASIE

V.11.5.3.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum sal:

- a) leerders toegerus wees met opvoedkundige deskundigheid en met 'n gevorderde en indiepte-kennis asook 'n kritiese ingesteldheid in die gekose program of kurrikulum om hulle daardeur in staat te stel om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van die onderwys op plaaslike en nasionale vlak;
- b) leerders se navorsingsvermoë en vaardighede so ontwikkel wees dat hulle oorspronklike navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van 'n verhandeling of navorsingsartikel(s).

V.11.5.3.2 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir een van die volgende kurrikulums:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
O801V	LEON871	Onderrig en Leer	256
O808V	ONWB871	Onderwysbestuur	256
O809V	OPSK871	Opvoedkundige Sielkunde	256

V.12 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in V.8.4 (d) gelys word en wat hieronder in besonderhede beskryf word; dit word voltyds of deelyds geneem.

V.12.1 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

V.12.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur vir die graadstudie is twee akademiese jare en behoudens uitsonderings, hoogstens vier akademiese jare, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in reël A.12.4. Die studie kan op grond van onbevredigende vordering op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Senaat beëindig word.

V.12.1.2 TOELATING

- Toelating tot doktorsgraadstudie geskied in ooreenstemming met reël A.12.1.
- 'n Kandidaat moet beskik oor 'n magistergraad in die program waarvoor die kandidaat vir die Ph.D. wil registreer.

V.12.1.3 FOKUSAREA 4.1: TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

V.12.1.3.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir **een** van die volgende:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Kt
L900V	AFNW971	Afrikaans en Nederlands	256
L908V	ENHL971	Engels	256
L932V	SSOL971	Sesotho	256

V.12.1.4 FOKUSAREA 7.1: VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING

V.12.1.4.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir die volgende:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Kt
L902V	GESK971	Geskiedenis	256

V.12.1.5 FOKUSAREA 7.2: REFORMATORIESE TEOLOGIE EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

V.12.1.5.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir die volgende:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Kt
L906V	BYBL971	Bybelkunde / Teologie	256

V.12.1.6 FOKUSAREA 9.1: VOORKOMENDE EN TERAPEUTIESE INTERVENSIES

V.12.1.6.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir **een** van die volgende:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Kt
L904V	PSIV971	Psigologie	256
L905V	SGVK971	Sosiologie	256

V.12.1.7 FOKUSAREA 10.1: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

V.12.1.7.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir **een** van die volgende:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Kt
E931V	BRKP971	Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde	256
E900V	EKNP971	Ekonomie	256

V.12.1.8 FOKUSAREA 3.1: BESLUITNEMING EN BESTUUR VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING

V.12.1.8.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir **een** van die volgende:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Kt
E911V	ONBV971	Ondernemingsbestuur	256
E934V	REIP971	Belasting	256
E933V	RECP971	Rekeningkunde	256
E920V	BPKP971	Bedryfsielkunde	256
E922V	BSAP971	Bedryfsosiologie	256

V.12.1.9 FOKUSAREA 10.1 BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir 'n Ph.D.-proefskrif vereis word, binne 'n navorsingseenheid of een van die navorsingsfokusareas verrig word. Die Ph.D.-kurrikulum wat in die Skool vir Modelleringswetenskappe aangebied word, ressorteer onder die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika.

V.12.1.9.1 Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Leerder wat van voorneme is om vir 'n doktorsgraad in te skryf, moet by die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika, wat hierin optree in oorleg met die direkteur van die Skool vir Modellerings-

wetenskappe, toestemming verkry om die studie te onderneem. Toelating tot hierdie program geskied volgens die Algemene reëls (A.12.1) van die Universiteit.

V.12.1.9.2 **Kurrikulumuitkomste**

Die uitkomste soos beskryf by die Magister Scientiae word in hierdie kurrikulum verder verfyn en finaal afgerond ten einde die leerder in staat te stel om 'n bepaalde bydrae te maak tot die ontwikkeling van nuwe kennis en vaardighede in die veld van spesialisasie.

V.12.1.9.3 **Artikulasie en uittreepunt**

V.12.1.9.3.1 **Artikulasie na en van ander inrigtings**

- a) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kurrikulum as geheel nagekom word.
- b) Met die basiese, toepasbare en spesialisvaardighede, sowel as navorsings-vaardighede, wat die leerder met hierdie kwalifikasie opgedoen het, sal die leerder toegerus wees om met verdere leer en navorsing voort te gaan in verwante spesialisasiegebiede aan ander inrigtings, nasionaal en internasionaal.

V.12.1.9.4 **Samestelling van die kurrikulum**

Die navorsingsrigting waarin die proefskrif gedoen word, word bepaal deur die navorsing-subprogramme binne die Navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika. Die onderwerp vir 'n Ph.D.-proefskrif moet in oorleg met die direkteur van die navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika en die direkteur van die Skool vir Modelleringswetenskappe, uit een van die volgende navorsingsrigtings gekies word:

- a) Besluitsteunstelsels
- b) Data-ontginning
- c) Mens/rekenaar-interaksie

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Kt
N937V	ITWV971	Proefskrif	256

V.12.1.10 **FOKUSAREA 5.1: ONDERRIGLEER-ORGANISASIE**

V.12.1.10.1 **SPESIALE TOELATINGSVEREISTES**

- a) Toelating tot doktorsgraadstudie geskied in ooreenstemming met reël A.12.1
- b) 'n Kandidaat moet beskik oor 'n magistergraad in die program waarvoor die kandidaat vir die Ph.D. wil registreer.
- c) 'n Slaagvereiste van 60% in die magistergraad geld met die oog op toelating.
- d) Kandidate moet verder oor 'n rekenaar beskik en rekenaargeletterd wees.

V.12.1.10.2 PROGRAMME EN KURRIKULUMS

V.12.1.10.2.1 Kurrikulumuitkomste

- a) Die doel van die doktorsgraadprogram is om te voorsien in Suid-Afrika se behoeftes aan toegewyde en hoogs gespesialiseerde onderwysnavorsers wat bemaagtig is om oorspronklike navorsing te doen, deur óf die ontdekking van nuwe kennis óf die beoefening van kritiese vermoë 'n besliste wetenskaplike bydrae te maak tot die kennis en verstaan van een van die ondergenoemde spesialiseringsterreine; en om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van onderwys op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

V.12.1.10.2.2 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die leerder vir een van die volgende kurrikulums:

Kurrikulum	Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
O901V	LEON971	Onderrig en Leer	384
O908V	ONWB971	Onderwysbestuur	384
O909V	OPSK971	Opvokkondige Sielkunde	384

MODULE-UITKOMSTE VAN NAGRAADSE MODULES (HONNEURS)

Die module-uitkomste van honneurskurrikulums wat in die Fakulteit Vaaldriehoek aangebied word, word hier alfabeties gelys. Na elke modulekode verskyn tussen hakies die NKR-vlak en die kredietpunte asook die beskrywende naam van die module. Module-uitkomste wat nie hier verskyn nie, kan in die studiegids vir die betrokke module gevind word.

AFNW671 (7)(24) SA EN AFRIKA VERGELYKENDE LETTERKUNDE

Die leerder behoort vanuit 'n vergelykende raamwerk in staat te wees om 'n werkbare definisie van die term "postkoloniaal" te formuleer en motiveer; 'n deeglike kennis hê van belangrike postkoloniale skrywers in verskillende tale; verskillende toonaangewende postkoloniale skrywers te bespreek; postkoloniale literatuur binne die Suid-Afrikaanse en Afrika konteks te bespreek; te onderskei tussen belangrike stemme in Suid-Afrikaanse en Afrika literatuur; krities om te gaan met die kwessies van subjektiwiteit en identiteitsvorming; vergelykend om te gaan met onlangse literatuur in Suid-Afrika en Afrika; gekose gedigte, romans en outobiografieë vanuit die perspektiewe van ras, klas en geslag te interpreteer; deeglik begroonde gevolgtrekkings te maak oor die waarde van die vergelykende literatuurstudie binne die hedendaagse Suid-Afrikaanse en Afrika samelewing; op hoogte wees van relevante kritiese materiaal in die veld.

AFNW672 (7)(24) HEDENDAAGSE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE TENDENSE

Die leerder behoort vanuit 'n vergelykende raamwerk (met primêre aandag aan die Afrikaanse letterkunde) literêre tekste kan ontleed met behulp van opvattinge oor literêre taalgebruik, die ontwikkeling in die werk van 'n gekose digter, skrywer of dramaturg kan aantoon, vraagstukke oor die waarde en relevansie van die letterkunde prinsipiël kan beredeneer; oor 'n deeglike kennis van en insig in die literêre-historiese ontwikkelings in die Afrikaanse letterkunde van die begin van die twintigste eeu tot die hede beskik; oor die vermoë beskik om teorie en teksanalise te integreer en te kontekstualiseer, dit wil sê die vermoë om die aktualiteit en relevansie van sowel 'n teks as 'n interpretasie te laat realiseer; begrip van die resente ontwikkelings in die Afrikaanse letterkunde toon sodat die belangrike temas van die afgelope dekade met insig beredeneer en verduidelik kan word; die vermoë om 'n deeglik gestruktureerde wetenskaplike argument te voer waarin die beskrywing, analise, interpretasie, vergelyking en evaluering van tekste sowel teoreties begroond as gekontekstualiseer aangebied word.

AFNW673 (7)(24) SPESIALIS-GENRESTUDIES

Die leerder kan, in oorleg met die vakdosent en skooldirekteur, 'n begeleide selfstudie-module volg in 'n spesialis-letterkunderigting. Die uitkomste vir hierdie module moet aansluit by die breë uitkomste wat gestel word vir honneursmodules.

AFNW677 (7)(24) CAPITA SELECTA

Die leerder kan 'n module uit 'n aanverwante taalvak of 'n bepaalde spesialiteitsrigting (bv. literêre vertaling) neem as Capita Selecta-module. Die uitkomste vir hierdie module moet aansluit by die breë uitkomste wat gestel word vir honneursmodules.

AFNW679 (7)(32) SKRIPSIE

Die leerder behoort aan te toon dat hy/sy op selfstandige manier kennis gemaak het met die nuutste ontwikkeling rakende sekere aspekte van navorsing binne die veld van die taalpraktyk; die belangrikste wetenskapsteorieë en metodologieë beheers, kan beoordeel en prakties kan toepas in 'n stuk selfstandige navorsing.

AFRD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK AFRIKAANS

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op Afrikaans as moedertaal-, tweedetaal- en vreemdetaalonderrig betrekking het, beskik insluitend analise, interpretasie en implementering van sillabusse ten opsigte van taalleer (klank, spelling, morfologie, sintaksis, semantiek), letterkunde (poësie, prosa, drama), taalgeskiedenis, formele taalonderrig en geïntegreerde taalonderrig en onderwysmedia.

AFRD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK AFRIKAANS

Die leerder moet kan bewys dat hy/sy oor die nodige kennis, vaardighede en waardes wat op Afrikaans as moedertaal-, tweedetaal- en vreemdetaalonderrig betrekking het, beskik insluitend analise, interpretasie en implementering van sillabusse ten opsigte van die onderrig van lees, begripsvaardighede, mondelinge en skriftelike stelvaardighede, kreatiwiteit by die taalonderwyser en die leerlinge, evaluering en vakorganisasie.

AFTD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK AFRIKATALE: ALGEMEEN

Die leerder moet in staat wees om die teorie en praktyk van vreemdetaal verwerwing te ken; die Uitkoms-Gebaseerde-Onderwys beleidsdokument effektief binne Leerarea Tale te gebruik; Uitkoms-Gebaseerde-Onderwys se terminologie te ken en te verstaan; verskeie taal-assesseringsmetodes te gebruik; alle Uitkoms-Gebaseerde-Onderwys vereistes vir die leerarea tale te ken; vaardighede bemeester het en in staat is om 'n leerervaring te struktureer en aan te bied, in staat is om die Afrika Tale klaskamer in te rig en te bestuur; die verskillende onderrigmedia en -hulpmiddels te gebruik en die produksie- en gebruiksteorie van albei te ken.

AFTD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK AFRIKATALE: TOEGEPAS

Die leerder moet in staat wees om kennis en vaardighede te gebruik en te demonstreer met betrekking tot die teoretiese werk wat in AFTD411 onderneem is, naamlik Uitkoms-Gebaseerde-Onderwys vereistes toe te pas in geïntegreerde onderrig van die intermediêre en seniorfasas; 'n samevoeging, analise en organisasie van nodige inligting vir relevante gebruik in die klaskamer te doen; verskillende onderrigmedia en -hulpmiddels te gebruik en weet hoe om dit te produseer.

BYOB511 (7)(8) BYKOMENDE ONDERWYSKUNDIGE BEVOEGDHEDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik wat hom/haar in staat sal stel om in twee amptelike tale onderwys te kan gee; omgewingsopvoeding, verkeersveiligheidsopvoeding en entrepreneurskap in vakonderrig te integreer; in Bybelonderrig die nodige leerprogramme te ontwikkel en aan te bied; en gesondheid te bevorder.

BYOB521 (7)(16) BYKOMENDE ONDERWYSKUNDIGE BEVOEGDHEDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik wat hom/haar in staat sal stel om in een van die volgende gebiede te spesialiseer: die rekenaar in die onderwys; volwassene-onderwys; voorligting, remediërende onderwys of inligtingskunde.

BYVD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK BYBELKUNDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot die wese van die vak Bybelonderrig; die ooreenkomste en verskille in die aard en aanbieding van Bybelkunde en Bybelonderrig; interpretasie en implementering van die sillabusse van Bybelonderrig in besonder; enkele temas uit die sillabusse in besonder.

BYVD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK BYBELKUNDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot die wese van die vak Bybelkunde vir sekondêre skole; interpretasie van die sillabusse in Bybelkunde, belangrike sake rakende die vak Bybelkunde.

COMD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK REKENAARWETENSKAP

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot die plek en doelstelling van Rekenaarwetenskap op skool; ontleding van skoolsillabus; programmering in 'n skoolvoorgeskrewe hoëvlaktaal.

COMD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK REKENAARWETENSKAP

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot klasaanbiedings van onderwerpe in Rekenaarwetenskap; evalueringsmetodes; gebruik en evaluering van programmatuur soos onderrigprogramme, woordverwerking, ens.; praktiese opdragte.

DOGM672 (7)(24) GRONDSLAE VAN DIE DOGMATIEK, DIE DEKALOOG EN MENSEREGTE

Afdeling 1: Dogmatiek

Die leerder moet in staat wees om die aard en inhoud van dogmatiek te kan definieer; die openbaring van God in die natuur en Skriftuur te begryp en te definieer; die aard en gesag van die Skrif te verstaan en te implementeer; die kennis van die lewende God te omskryf en te bely; die skepping uit niks te verduidelik; die skepping van die mens as beeld van God te ekspliseer; die sonde as afval van God en die naaste te definieer; die waarde van 'n aparte locus oor die "leer oor Israel" te verduidelik en toepaslik aan te wend.

Afdeling 2: Etiek (Dekaloo en Menseregte)

Die leerder moet in staat wees om insig te hê in die kenteorie van die dissipline teologiese etiek; deeglike kennis te hê van die Tien Gebooe en die etiese implikasies daarvan vir die huidige Suid-Afrikaanse samelewing; die konsep van menseregte soos uitgedruk in die gedagte van 'n regstaat te verstaan; die begrip menseregte Christelik te fundeer; die universele verklaring van menseregte eties te beoordeel; individuele voorgestelde menseregte eties te beoordeel; menseregteskendings eties te beoordeel.

EKND411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK EKONOMIE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot die doel en motivering van onderrig van Ekonomie-Media; vereistes gestel aan Ekonomie-onderwysers; onderrig- en hulp tegnieke; klasbestuur; evalueringspraktyk.

EKND421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK EKONOMIE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot konvensionele aanvullende en buitengewone onderwysmetode; onderrig- en hulp tegnieke; klasbestuur; evalueringspraktyk.

ENGD411 (7)(16) ENGELS TWEDE TAAL VAKDIDAKTIEK

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot basiese beginsels van tweede taal-onderrig; die ISL-sillabus; beplanning van 'n kursus en lesse; 'n taalverwerwing- en onderrigmodel; praktiese toepassing van teoretiese beginsels in die onderrig van luister, praat, lees en skryf in die sekondêre skool; mikro-onderrig.

ENGD421 (7)(16) ENGELS TWEDE TAAL VAKDIDAKTIEK

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot kommunikatiewe taalonderrig; benaderings en metodes; leerteorieë; integrasievaardighede; taaltoetsing; die beginsels en praktyk van literatuuronderrig; media-integrasie; mikro-onderrig.

ENHL671 (7)(24) VERGELYKENDE LITERATUUR VAN SA EN AFRIKA

Die leerder moet in staat te wees om onlangse tendense in Afrika en Suid-Afrikaanse literatuur krities te bespreek; 'n werkbare definisie van die term "postkoloniaal" te konstrueer en te motiveer; oor die algemeen kennis dra van die belangrike postkoloniale skrywers; verskeie seminale postkoloniale outeurs in besonder te beskryf en na hulle te verwys; postkoloniale skryfwerk in verband te bring met die Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks; sekere groot stemme in swart Suid-Afrikaanse en Afrika-literatuur uit te ken; krities om te gaan met die vraagstukke oor subjektiwiteit en identiteitsvorming; op gesofistikeerde wyse twee generiese vergestaltungen van hierdie vraagstukke te ondersoek; geselekteerde gedigte, romans en outobiografieë te interpreteer vanuit ras-, klas- en geslagsrolperspektief; tot gesubstansieerde gevolgtrekkings te kom rakende die belangrikheid van die benadering en die waarde daarvan vir kontemporêre Suid-Afrikaanse en Afrika-samelewing; en kennis te dra van die betrokke kritiese materiaal in die veld.

ENHL672 (7)(24) KONTEMPORÊRE TENDENSE IN ENGELSE LITERATUUR

Die leerder moet kennis dra van die komplekse dialektiek tussen epistemologiese en ontologiese kwessies in verteenwoordigende twintigste-eeuse romans; in staat wees om die tekstuele eienskappe van die geselekteerde tekste te identifiseer, beskryf, analiseer en vergelyk en in verband te bring met die groter bewegings van die tydperk; krities kommentaar te lewer op die onderliggende filosofiese aannames en literêre tegnieke wat voortspruit uit die literêre "tendense" of "tydperke" van Modernisme en Postmodernisme; sy/haar kennis van verskillende teoretiese benaderings toe te pas in die vertolking van verhalende, poëtiese en dramatiese tekste; sekere van die groot stemme in twintigste-eeuse Britse en Amerikaanse literatuur uit te ken; elke digter, romanskrywer of dramaturg wat bestudeer is te plaas binne die Britse en Amerikaanse literatuurkultuur van die tyd; op gesofistikeerde wyse die verskeidenheid van poëtiese stemme analiseer en interpreteer; kennis te dra van die relevante kritiese materiaal in die veld; in staat wees om 'n wye veld van teoretiese uitgangspunte oor die manier waarop taal en literatuur benader kan word as onderwerp van wetenskaplike studie, te bespreek; bewus wees van die komplekse genealogie van moderne kritiese diskoers; in staat wees om op gesofistikeerde wyse die verband tussen verskillende teorieë en die kwessies wat hulle aanspreek, te bespreek.

ENHL673 (7)(24) SPESIALIS GENRE-STUDIES

Die leerder mag, in oorleg met die dosent en skooldirekteur, 'n begeleide selfstudie module in 'n spesialis literatuurveld neem soos ooreengekom met die vakvoorsitter en skooldirekteur. Die uitkomst van hierdie module moet ooreenstem met die algemene uitkomst geformuleer vir honneursmodules.

ENHL677 (7)(24) CAPITA SELECTA

Die leerder mag 'n module neem uit 'n verbandhoudende taal of 'n spesifieke spesialisarea (bv literêre vertaling) as Capita Selecta module. Die uitkomst van hierdie module moet ooreenstem met die algemene uitkomst geformuleer vir honneursmodules.

ENHL679 (7)(32) SKRIPSIE

Die leerder moet in staat wees om aan te dui dat hy/sy hom-/haarself vergewis het van die mees onlangse ontwikkelings rakende sekere aspekte van navorsing; op hoogte wees van die

belangrikste wetenskaplike teorieë en metodologieë en in staat wees om hulle te beoordeel en toe te pas 'n substansiële stuk onafhanklike navorsing.

GESD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot wat Geskiedenis behels en die nut van Geskiedenisonderrig vir die gemeenskap; Geskiedenisonderrig in vele fasette, onder meer Geskiedenis in interaksie met ander dissiplines; multikulturalisme en Geskiedenisonderrig; uitkomsgebaseerde Geskiedenisonderrig; die rol van die Geskiedenisonderwyser rakende die leerling-werkboek, die lesstruktuur en onderrigbenaderings; die benutting van nuwe tegnologie, media asook historiese bronne; terugvoering/evaluering in Geskiedenis op sekondêre vlak.

GESD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot hoe daar in Geskiedenisonderrig op 'n praktiese wyse met ander dissiplines verkeer/geskakel kan word; hoe lesse kan lyk in Geskiedenisonderrig met die fokus op 'n multikulturalistiese uitgangspunt, 'n uitkomsgebaseerde benadering sowel as die gebruik van variasies van onderrigbenaderings; terugvoering/evaluering in Geskiedenis op sekondêre vlak op 'n praktiese wyse sal aandag geniet.

GESK671 (7)(24) METODOLOGIE

Die leerder moet in staat wees om binne die breë raamwerk van die historiese metodologie besondere vaardighede te ontwikkel; deur te let op heuristiek en hermeneutiek; analitiese benaderingswyses; wetenskaplike verslagdoening; die ontwikkeling van kritiese denkvaardighede wat die sinvolle interpretasie/analise van historiese tekste moontlik maak; en die tentatiewe identifisering van navorsingsmetodologie waarop daar op magistervlak verder gewerk kan word.

GESK672 (7)(32) HISTORIOGRAFIE

Die leerder moet in staat wees om die breë lyne in die ontwikkeling van die geskiedkunde as dissipline vanaf die vroegste tye tot in die twintigste eeu, insluitende die ontwikkeling van die vak in Suid-Afrika, aan te toon; die vernaamste strominge in die ontwikkeling van die geskiedkunde vanaf die negentiende eeu in die Westerse wêreld en in Suid-Afrika te identifiseer en krities vanuit 'n lewensbeskoulike (insluitend 'n Christelike) oogpunt te evalueer; die bydrae en betekenis van 'n beperkte aantal belangrike Westerse en Suid-Afrikaanse geskiedskrywers te kan beoordeel.

GESK673 (7)(24) NAVORSINGSPROJEK

Die leerder moet in staat wees om die metodes en tegnieke van die geskiedskrywing, soos veral in module 671 bestudeer, te kan toepas in navorsing wat handel oor 'n beperkte onderwerp, waarby primêre en sekondêre bronne gebruik word.

GESK674 (7)(24) AFRIKA-GESKIEDENIS: 'N GESELEKTEERDE TEMA

Die leerder moet in staat wees om 'n verskeidenheid gepubliseerde materiaal oor een of meer aspekte van, onderskeidelik die politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkeling van een of meer lande of samelewings van Afrika suid van die Sahara (insluitende Suid-Afrika) sedert die negentiende eeu krities te kan ontleed en vergelyk, en gepaardgaande daarmee 'n wetenskaplike begrip van enkele relevante historiese temas of tendense in die Afrika-geskiedenis kan openbaar.

GESK675 (7)(24) WÊRELDGESKIEDENIS: 'N GESELEKTEERDE TEMA

Die leerder moet in staat wees om 'n verskeidenheid gepubliseerde materiaal oor een of meer aspekte van, onderskeidelik die politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkeling van een of meer lande of samelewings in Europa, Asië of Amerika sedert die negentiende eeu krities te kan ontleed en vergelyk, en gepaardgaande daarmee 'n wetenskaplike begrip van enkele relevante historiese temas of tendense in die wêreldgeskiedenis kan openbaar.

GESK676 (7)(24) KRYGSGESKIEDENIS

Die leerder moet 'n goeie begrip hê van die vernaamste teoretiese en metodologiese aspekte van krygsgeskiedenis as 'n besondere subdissipline van die geskiedenis, verskillende soorte oorloë kan onderskei, basiese kennis oor die rol van strategie en taktiek in oorlogvoering in die loop van die geskiedenis ontwikkel, en die plek van oorlogvoering binne die wyer konteks van die wêreldgeskiedenis en die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan evalueer.

GESK677 (7)(16) GENEALOGIE

Die leerder moet in staat wees om 'n goeie begrip te ontwikkel van die vernaamste teoretiese en metodologiese aspekte van genealogie; vaardighede te ontwikkel wat hom/haar in staat stel om navorsing te onderneem oor die geskiedenis van die gesin en 'n gesinsblad, kwartierstaat en stamboom kan saamstel.

GESK678 (7)(8) TOEGEPASTE GENEALOGIE

Die leerder moet in staat wees om 'n selfstandige stuk genealogiese navorsing te onderneem en die resultaat daarvan in 'n wetenskaplike verslag aan te bied.

HPGA611 (7)(16) METODOLOGIE

Die leerder sal in staat wees om 'n motiveringsvoorlegging in die lig van 'n geldige navorsingsprobleem te konstrueer; 'n aantal geldige en toepaslike sosiaal wetenskaplike navorsingstegnieke en metodes te kan gebruik en toepas; die aard van wetenskaplike kennis te verstaan en te kan beskryf.

HPGA612 (7)(16) TRANSFORMASIEDINAMIKA

Die leerder sal in staat wees om die konsep van transformasie te verstaan en te kan toepas; die metodologieë van bestekopname te kan beskryf en te kan definieer asook om hierdie metodes te kan toepas op navorsing oor transformasie; op 'n onafhanklike wyse 'n transformasie plan vir regeringsinstellings te ontwikkel.

HPGA613 (7)(16) INTERNASIONALE PERSPEKTIEWE

Die leerder sal in staat wees om die aard van die interafhanklike internasionale stelsel te kan verduidelik; buitelandse beleid as konsep te kan definieer en om die vier omgewings / kontekste waarin buitelandse beleidsformulering en implementering plaasvind, te kan bespreek; die kenmerke / aard van tipiese Afrikastate te kan bespreek en hoe aspekte eie aan Afrikastate hulle internasionale verhouding beïnvloed; Suid-Afrika se buitelandse beleid en die kontekste waarin dit geformuleer word te kan beskryf; die opkoms van die *Suide* as 'n entiteit in die wêreldpolitiek te kan bespreek; die integrasie van Suider-Afrika by die Suide te kan beskryf en die implikasie daarvan uit te wys.

HPGA614 (7)(16) POLITIEKE ONTWIKKELING IN AFRIKA

Die leerder sal in staat wees om die verskynsel van politieke stelselverandering in Afrika te beskryf en te evalueer; die aard en wese van kontemporêre Afrika politieke stelsels te verduidelik en te verklaar; die karakter en dinamiese wisselwerking van leierskap, die burgerlike samelewing en die weermag in Afrikastate te analiseer en te verduidelik.

HPGA621 (7)(16) BELEIDSANALISE EN –IMPLEMENTERING (BEPLANNING)

Die leerder sal in staat wees om beleidbepalingsproses en hoe beleidsanalise binne hierdie proses onderneem word te verstaan asook hoe beplan moet word om beleid te implementeer (visie / missie/ doelstellings / strategie / programme).

HPGA622 (7)(16) OPENBARE BESTUUR EN LEIERSKAP

Die leerder sal in staat wees om die rol en funksies van die openbare bestuurder en leier te verstaan en om bestuursbeginsels te kan toepas met spesifieke klem op die beplanningsproses.

HPGA623 (7)(16) PROJEKBESTUUR (EKONOMIE)

Die leerder sal in staat wees om te verstaan hoe die finansiële proses in die owerheidsektor werk en hoe dit binne die regeringsopset (sentraal / provinsiaal / munisipaal) gevestig word asook wat die rol van die openbare finansiële bestuurder in die proses is.

HPGA624 (7)(16) MUNISIPALE BESTUUR

Die leerder sal in staat wees om die munisipale omgewing te verstaan en te kan omskryf watter faktore 'n invloed op dienslewering en die bestuur daarvan het; die bestuursaspekte van toepassing in munisipale owerhede in konteks te kan plaas met munisipale werksaamhede.

HPGA625 (7)(16) BESTUUR VIR VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Die leerder sal in staat wees om sosiale probleme in ag te neem om volhoubare ontwikkeling te verseker waarna hy/sy die basiese tegnieke sal bemeester hoe om hierdie probleme sinvol te bestuur om by te dra tot die verwesenliking van volhoubare ontwikkeling.

ITWV671 (7)(32) NAVORSINGSMETODIEK EN PROJEK

Die leerder moet kan demonstreer hoe 'n navorsingsprojek aangepak word, insluitend die verkryging van 'n onderwerp en die skryf van 'n navorsingsprojekvoorstel; hoe die navorsing ontwerp en data ingesamel word: eksperimentele ontwerp en die rol van veranderlikes; instrumente om data te versamel; die geldigheid en betroubaarheid van instrumente; modellering en simulasie; watter rol statistiek en statistiese verwerking in navorsing speel; hoe om data te organiseer, op te som en voor te stel; regressie en hoe om kurwes op data te pas; normaalverspreidings en statistiese skattings; verskeie statistiese toetse om te bepaal of data sekere patrone vorm; hoe om 'n navorsingsprojek wetenskaplik op te skryf, insluitend styl, taal en taalversorging, verwysings, ensovoorts; 'n volledige rekenaargebaseerde projek van aansienlike omvang kan ontwerp, ontwikkel, implementeer en demonstreer.

ITWV672 (7)(32) BESLUITSTEUNSTELSLS

Die leerder moet kan demonstreer dat besluitsteunstelsels rekenaargebaseerde stelsels is wat keuses ondersteun deur die besluitnemer in staat te stel om inligting te organiseer en uitkomst te modelleer; inligting uit verskeie bronne integreer; help om inligting te organiseer en te analiseer; die ontwikkeling en evaluering van modelle vir die keuseproses fasiliteer; 'n goeie gebruikerskoppelvlak gebruik vir maklike interaksie en navigasie deur die gebruiker; besluitsteunstelsels vanuit 'n stelseldenke-raamwerk kan ontwikkel; konseptuele modelle vir besluitsteunstelsels kan definieer; besluitsteunstelselpakette kan gebruik; gebruikersvriendelike koppelvlakke kan ontwikkel vir gemaklike interaksie en navigasie van besluitsteunstelsels.

ITWV673 (7)(32) DATA-ONTGINNING

Die leerder moet kan demonstreer dat persone wat data-ontginning beoefen net soveel klem plaas op begrip as op modelresultate, en op prosesse as op tegnologie, asook in staat wees om die data-ontginning in konteks te plaas (besigheidskonteks, tegniese konteks, en sosiale

konteks); verskillende benaderings en metodologieë van data-ontginning kan identifiseer; die drie pilare (tegnieke en algoritmes, data en bou van effektiewe voorspellingsmodelle) waarop data-ontginning steun, kan identifiseer en toepas; 'n data-ontginningsomgewing kan opstel, verskillende teorieë kan toepas asook beskikbare tegnologie te bemeester.

ITWV674 (7)(32) MENS/REKENAAR-INTERAKSIE

Die leerder moet kan verstaan en kan demonstreeer dat mens/-rekenaar-interaksie 'n multi-dissiplinêre vak is waar menslike gedrag sowel as beginsels van rekenaarstelselontwerp en rekenaarkoppelvlakontwerp bestudeer word, verder moet die leerder nuwe koppelvlakke kan ontwerp en ontwikkel, verskillende komponente kan saamvoeg in die daarstelling van 'n koppelvlak en gebruikers se interaksie met die koppelvlak kan ontleed; bestaande koppelvlakke kan evalueer, vergelyk en verbeter; kan differensieer tussen verskillende soorte toepassings en die beperkings en/of behoeftes wat dit inhou vir die ontwerp van die koppelvlak.

LAPR671 (7)(24) TEORIE VAN DIE TAALPRAKTYK

Die leerder moet die vernaamste aannames van die taalpraktykteorie (met ander woorde insluitend die vertaalteorie) kan beskryf en evalueer; die verskil tussen situasiegeoriënteerde en prosesgeoriënteerde vertaalteorieë kan beskryf en evalueer; die bruikbaarheid van die begrip ekwivalensie vir vertaalkunde vanuit 'n hedendaagse perspektief kan evalueer; die impak van kulturele en postkoloniale studies en die *gender*-kwessie op die ontwikkeling van die vertaalwetenskap en die toepassingsvelde in die vertaalkunde kan beskryf; die impak van dekonstruksie op die ontwikkeling van die vertaalwetenskap en die toepassingsvelde in die vertaalkunde kan beskryf die ontwikkeling van die normatiewe taalkunde en die invloed daarvan op die vertaalkunde en taalpraktyk kan evalueer.

LAPR678 (7)(24) TOEPASSINGS IN DIE TAALPRAKTYK

Die leerder moet oor die volgende kennis en vaardighede beskik: die basiese eienskappe van die vernaamste onderafdelings van die taalpraktyk, te wete vertaalkunde, tolkwerk, teksredaksie, teksontwerp (of intertalige, intratalige en intersemiotiese vertaling); die vernaamste pragmatiese beginsels van toepassing op die taalpraktyk verstaan, toepas en evalueer; demonstreerbare vaardighede ten opsigte van spesialisering in een of meer toepassingsvelde, bv. ekonomiese tekste, regstekste, mediese tekste, sosiale tekste, gemeenskapstekste, ens.; 'n deeglike kennis en insig van die rekenaarhulpmiddels vir die taalpraktyk – spesifiek die praktiese opleiding daarin – in o.a. rekenaaromatige (MT) en aanlynhulpbronne, teksproduksie en bladuitleg en tipiese toepaslike DTP (*Desktop Publishing*) aangeleenthede; kennis van die verskillende soorte toepaslike media (oudiovisueel en gedrukte media) vir die taalpraktyk en 'n vertroudheid met die tegnieke, hulpbronne en strategieë vir dié tipe media; die basiese beginsels van die vryskutwese verstaan en kan demonstreeer (entrepreneurskap insluitende bemarking, kliënteverhoudinge, finansies, etiek); bewys lewer dat hy/sy die verskillende prosesse en meegaande vereistes vir teksredaksie binne verkillende domeine verstaan en kan verdiskonteer – t.w. teksredaksie vir die uitgewerswese, teksredaksie vir joernalistiek, teksredaksie vir die onderwys, teksredaksie vir verbruikerstekste, ens.; bewys lewer dat teksredaksievaardighede bemeester is, onder andere mikrolinguistiese aspekte, stylkwessies, fases van teksredaksie, die beheersing en toepassing van hulpbronne, annotasies.

LAPR673 (7)(24) TAAL, TEKS EN KONTEKS

Die leerder moet verskillende vaardighede van taalanalise vir die taalpraktyk bemeester; die invloed van taalvariasie, register- en stylwisselinge op die taalpraktyk kan verdiskonteer en in staat wees om beginsels van dié variasiepatrone te analiseer en toe te pas in die totstandbrenging en vertaling van tekste; die verhouding tussen teksstruktuur, teksorganisasie en informasieorganisasie in die totstandkoming van tekste krities kan beoordeel en bewys lewer dat tekste geproduseer kan word waarin dié aspekte behoorlik verreken word; bewys

lewer dat hy/sy die beginsels van kreatiwiteit in taalgebruik kan raaksien en analiseer, en dit kan verreken in die vertaling en/of redigering van tekste.

LAPR674 (7)(24) MEDIAVERTALING

Die leerder moet die grondbeginsels en ontstaansgeskiedenis van die massamedia, insluitend oudiovisuele media, die uitgewerswese, koerante en tydskrifte en die Internet verstaan en krities kan bespreek; die belangrikste voordele en nadele van onderskrifte en oorklanking as vorme van oudiovisuele vertaling vergelykend kan bespreek; die hedendaagse tendense in oudiovisuele vertaling (ook bekend as skermvertaling) sowel as die teorie en praktyk van die vertaling van oudiovisuele media ken en verstaan; die parameters van onderskrifte verstaan en ken asook in die praktyk toepas met klem op die volgende: Luisterbegrip; Transkripsie; Verkorting en aanpassing; Herformulering en sinonieme; Teksverspreiding; Tegnieke riglyne en internasionale standaarde; Tydskodering, ritme, durasie; Uiteindelik moet die leerder na afloop van hierdie module in staat wees om binne 'n redelike tydperk, 'n redelike volume onderskrifte korrek te kan skep, versorg en projekteer.

LAPR675 (7)(24) LITERÊRE VERTALING

Na afloop van hierdie kursus moet die leerder vanuit 'n vergelykende raamwerk in staat wees om 'n werkbare definisie van die term "postkoloniaal" te formuleer en motiveer binne die konteks van literêre vertaling in 'n Suid-Afrikaanse konteks; 'n deeglike kennis hê van belangrike poskoloniale skrywers in verskillende tale in Suider-Afrika; in staat wees om krities om te gaan met die kwessies van subjektiwiteit en identiteitsvorming in literêre vertaling; in staat wees om gekose gedigte, romans en outobiografieë vanuit die perspektiewe van ras, klas en geslag te interpreteer; in staat wees om deeglik begronde gevolgtrekkings te maak oor die waarde van die vergelykende literatuurstudie binne die hedendaagse Suid-Afrikaanse en Afrika samelewing; op hoogte wees van relevante kritiese materiaal in die veld van literêre vertaling; die basiese beginsels van semiotiek verstaan en kan toepas in literêre vertaling; die verhouding tussen betekenis en kommunikasie in tekste kan beskryf, evalueer en manipuleer in die totstandbrenging van intratallige, intertallige en intersemiotiese vertalings met besondere toepassing op die invloed van die semiotiek in advertensie-, film- en multimediatekste; die beginsels van intersemiotiese vertaling verstaan.

LAPR677 (7)(24) CAPITA SELECTA

Die leerder kan 'n module uit 'n aanverwante taalvak of 'n bepaalde spesialiteitsrigting (bv. literêre vertaling) neem as *capita selecta*-module. Die uitkomst vir hierdie module moet aansluit by die breë uitkomst wat gestel word vir honneursmodules.

LAPR679 (7)(8) HOOFREFERAAT

Die leerder moet aangetoon het dat hy/sy op selfstandige manier kennis gemaak het met die nuutste ontwikkeling rakende sekere aspekte van navorsing binne die veld van die taalpraktyk; die belangrikste wetenskapsteorieë en metodologieë beheers, kan beoordeel en prakties kan toepas in 'n stuk selfstandige navorsing binne ongeveer 10 000 woorde.

LEON611 (7)(8) LEERPERSPEKTIEWE

Die leerder behoort 'n kritiese verstaan van die behavioristiese, inligtingverwerking-, en konstruktivistiese beskouinge van leer te demonstree deur elkeen van hierdie beskouinge vanuit 'n skrifmatige en fundamentele perspektief te evalueer; leer vanuit elke beskouing te definieer; die positiewe en negatiewe implikasies van elke beskouing vir effektiewe leer en die veranderlikes wat volgens elke beskouing effektiewe leer beïnvloed te identifiseer, en 'n program te ontwikkel wat leerders in staat sal stel om effektiewer te leer.

LEON612 (7)(8) ONDERRIGPERSPEKTIEWE

Die leerder behoort basiese kennis en 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van die proses- produk- en die ontologies-kontekstuele onderrigbeskouings te demonstree; begroning, verduideliking en evaluering van genoemde onderrigbeskouings vanuit 'n Christelike en ander perspektiewe, asook die implikasies daarvan vir onderrig-leer in verskillende kontekste te bepaal, te verduidelik en te motiveer; asook basiese kennis en vaardigheid ten opsigte van die keuse, toepassing en evaluering van direkte en indirekte onderrigbenaderings in spesifieke leerareas en -kontekste te demonstree.

LEON613 (7)(8) DIE UGO-KURRIKULUM

Die leerder bewys lewer van begrip van die basiese beginsels van die kurrikulum; hoe kurrikulumbesluite geneem word; die uitkomstgebaseerde onderwysbenadering (UGO); die debat rondom bekwaamhede versus prestasie, en die voorgeskrewe inhoud en vaardighede in die nasionale kurrikulum; in staat wees om die voorgeskrewe onderrig- en leerprogramme vir 'n bepaalde leersituasie (skool/klas) aan te pas en dit te implementeer.

LEON614 (7)(16) KLASKAMERKOMMUNIKASIE

Die leerder behoort 'n grondige kennis en praktiese vaardigheid te demonstree ten opsigte van 'n klaskamerkommunikasie-model ten einde die klaskamerkommunikasievaardighede wat effektiewe onderrig en leer bevorder aan die hand daarvan te klassifiseer, asook die klaskamerpraktiek te ontleed en te evalueer; kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van onderrigstyle ten einde style te kan ontleed en te evalueer; kommunikasievrees ten einde dit te meet, te ontleed en maatreëls vir die voorkoming en/of oorkoming daarvan saam te stel; klasklimaat ten einde dit te meet, te ontleed en maatreëls ter verbetering van klasklimaat daar te stel; asook klasdisipline en -orde ten einde probleem-situasies te ontleed en maatreëls ter oplossing daar te stel.

LEON621 (7)(16) STRATEGIESE LEER EN MOTIVERING

Die leerder behoort 'n kritiese verstaan van effektiewe leer te kan demonstree soos gesien vanuit 'n sosiaal-kognitiewe, konstruktivistiese en selfgereguleerde beskouing van leer om elkeen van hierdie perspektiewe vanuit 'n skrifmatige en fundamentele perspektief te evalueer; kennis (byvoorbeeld van die self as leerder, voorkennis, epistemologiese oortuigings), doelwitte, die leertaak, metakognisie en leerstrategieë as veranderlikes wat leer beïnvloed, te kan ontleed; die verband tussen motivering en leer te kan ontleed, met besondere beklemtoning van die attribusie- en doelwitteorieë en selfdoeltreffendheid om 'n program te ontwikkel wat leerders se leervermoë en motivering om te leer sal verbeter.

LEON622 (7)(16) STRATEGIESE ONDERRIG

Die leerder behoort die volgende te kan demonstree: 'n gespesialiseerde en refleksiewe kennis, praktiese vaardigheid, kritiese ingesteldheid en waarde ten opsigte van die kenmerke van doeltreffende onderrig, en kontemporêre behavioristiese- en konstruktivistiese-gebaseerde onderrigbenaderings, asook verduideliking, motivering, ondersoek en evaluering van genoemde benaderings; bepaling en kritiese beoordeling van die implikasies hiervan vir onderrig-leer in spesifieke leerareas en -kontekste en gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die keuse, gebruik en evaluering van direkte en indirekte onderrigmodelle, waaronder probleemgesentreerde onderrig-leer, asook van doeltreffende onderrig-leermedia en -tegnologieë in verskillende kontekste.

LEON623 (7)(16) KURRIKULUMONTWIKKELING

Die leerder behoort bewys te lewer van begrip van: verskillende benaderings tot kurrikulum- en programontwikkeling; die sosiologiese, filosofiese, sielkundige, historiese, politieke en ekonomiese invloede op onderwys in ontwikkelende gemeenskappe; die invloed van taal- en

kultuurverskille op leerprogramme; deelname aan kurrikulering op die makro-, meso- en mikrovlak; in staat wees om bestaande programme te vertolk en aan te pas en om oorspronklike leerprogramme te ontwikkel.

LEON624 (7)(8) ASSESSERING VAN LEER

Die leerder behoort 'n gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die assessering van onderrig-leersituasies, -prestasie en -media, en ook ten opsigte van die keuse, motivering, ondersoek en evaluering van toepaslike assesseringswyses in spesifieke leerareas en –kontekste te demonstree, asook die beplanning, implemetering, ondersoek en evaluering van 'n doeltreffende geïntegreerde assesseringsplan as deel van 'n onderig-leerprogram in spesifieke leerareas en -kontekste.

MISS671 (7)(24) MISSIOLOGIESE PERSPEKTIEWE

Afdeling 1: Missiologie: Inleidende historiese aspekte

Die leerder moet in staat wees om die tydperke waarin die sendinggeskiedenis ingedeel kan word, te noem en die belangrikste kenmerke van elk te bespreek; missiologie as teologiese dissipline te beskryf; sending Bybels-teologies te begrend, verskillende sendingmodelle te evalueer en verskillende elemente van sending te verduidelik.

Afdeling 2: Missiologie: Teoretiese aspekte

Die leerder moet in staat wees om die belangrikste ideologieë van ons tyd met mekaar te vergelyk en te evalueer; die verskil tussen 'n magiese en 'n religieuse lewensbeskouing te bespreek; die stand van die godsdienste tans in die wêreld te beskryf; die missionêre gemeente te omskryf en sy funksionering te bespreek; die verhouding tussen die sigbare en onsigbare dimensies van die eenheid van die kerk te bespreek en die betekenis daarvan vir die kerke in Suid-Afrika aan te dui; die bydrae van die Afrika-Christendom tot wêreldsending te beskryf; sentrale temas in die Christelike Afrika-teologie te verduidelik; verantwoorde strategieë vir sendingwerk vandag te formuleer; ingeligte advies te kan gee met betrekking tot verskeie aspekte van sendingwerk.

NAVR611 (7)(16) OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

Die leerder moet in staat wees om 'n basiese kennis en verstaan van opvoedkundige navorsing te demonstree deur vaardigheid in die gebruik van inligtingstegnologie (waaronder die Internet) om inligting te ontsluit; 'n literatuuroorsig/-studie te skryf; tussen die aard en kenmerke van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes te onderskei; navorsingsprobleme te kan identifiseer en op grond van sodanige kennis 'n navorsingsvoorlegging te kan skryf.

NAVR621 (7)(8) AKSIENAVORSING

Die leerder moet in staat wees om in die professionele fokus op grond van die kennis van die verskillende aspekte van navorsing en die vaardighede wat met die module Opvoedkundige Navorsing (NAVR 611) ontwikkel het, 'n praktiese navorsingsopdrag van beperkte omvang uit te voer en 'n navorsingsverslag in die vorm van 'n tydskrifartikel te skryf.

NAVR622 (7)(12) NAVORSINGSOPDRAG

Die leerder moet in staat wees om in die akademiese fokus 'n diepgaande kennis en verstaan van en vermoë om navorsing in die veld van spesialisering te kan doen, te demonstree deur 'n sinvolle navorsingsprobleem te identifiseer en te ondersoek deur die beplanning, uitvoer, evaluering en rapportering van 'n navorsingsprojek in hierdie verband, wat minstens 'n literatuurstudie en twee tipes navorsing vereis; 'n basiese kennis en verstaan van die navorsingsproses te demonstree deur navorsingsprobleme te identifiseer wat verskillende

navorsingsmetodes vereis, 'n navorsingsvoorlegging te skryf om 'n spesifieke navorsingsprobleem op te los; vaardigheid te toon in beskrywende en inferensiële statistiese prosedures soos vereis deur kwalitatiewe, kwantitatiewe, "baseline-" en aksienavorsing om die basiese statistiese analyses uit te voer wat deur elkeen van hierdie metodes vereis word; navorsingsvaardighede te demonstreeer deur 'n navorsingsprojek van beperkte omvang uit te voer; en 'n navorsingsverslag in die vorm van 'n tydskrifartikel te skryf.

NTES672 (7)(24) INLEIDING IN NT EKSEGESE EN HERMENEUTIEK, OPENBARINGS- GESKIEDENIS, ALGEMENE KANONIEK EN SOSIO-HISTORIESE KONTEKS VAN DIE NT. DIE SINOPTIESE EVANGELIES

Afdeling 1: Inleiding in NT Eksegese en Hermeneutiek, en sosio-historiese konteks van die NT

Die leerder moet in staat wees om die vertrekpunte en metodes van die gereformeerde Hermeneutiek te identifiseer; die stappe van 'n metode vir die eksegese van die NT vir gereformeerde Woordbediening te noem en prakties toe te pas; hom/haar te verantwoord oor die Grieks-Romeinse wêreld in die tyd van die Nuwe Testament.

Afdeling 2: Kernmotiewe van die Openbaringsgeskiedenis, Algemene Kanoniek

Die leerder moet in staat wees om prinsipiële en wetenskaplik verantwoorde standpunte te formuleer oor die ontstaan, omvang en gesag van die Kanon, en om – met hulpmiddels – eksegetiese materiaal sistematies te orden met die oog op beskrywing van fasette van die Godsopenbaring in die Nuwe Testament; op wetenskaplik-verantwoorde wyse standpunte oor openbaringshistoriese kernmotiewe van die Nuwe Testament te formuleer en te beoordeel.

Afdeling 3: Die Sinoptiese Evangelies

Die leerder moet in staat wees om op hoogte te wees met die inhoud van die Sinoptiese Evangelies; die Sinoptiese vraagstuk te beredeneer; met hulpmiddels, verklaring en hermeneuse van geselekteerde tekste uit die Sinoptiese Evangelies te doen.

ONAV673 (7)(16) PRAKTIESE STATISTIEK: GEESTESWETENSKAPPE

Die leerder sal in staat wees die basiese metodes van steekproefneming, opsomming en beskrywing van data, korrelasie en liniêre regressie, asook faktorontleding te beskryf en prakties toe te pas.

ONBD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK VAN ONDERNEMINGSBESTUUR

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot doelstellings en grondslae van die kursus waaronder lesbeplanning; opleiding en ontwikkeling van die onderwyser; klaskamerorganisasie; algemene didaktiese beginsels en spesifieke metodes van onderwys soos van toepassing op Bedryfseconomie.

ONBD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK VAN ONDERNEMINGSBESTUUR

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot onderrigmedia; werkskema; voorbereiding en verslag; opstel van vraestelle, toetsing en evaluering; moderne metodes van onderrig; rekenaarondersteunde onderrig; die invloed van onderrig op produktiwiteit; die verhouding van Bedryfseconomie tot ander wetenskappe; mediasentrumintegrering.

ONWB611 (7)(8) ONDERWYSORGANISASIES

Leerders moet basiese kennis bekom en kan toepas in die beginsels wat 'n onderwysorganisasie ten grondslag lê (die struktuur en funksionering daarvan); hulle moet onderwysorganisasies krities kan analiseer en 'n verbintenis openbaar met die waardes en

praktyke binne die onderwysorganisasie – en spesifiek die eie skool/werkplek; kennis en insig in die ekologie (organisasiekultuur en klimaat) van die onderwysorganisasie asook die wyses waarop organisasieontwikkeling plaasvind, kan demonstree; 'n kritiese analise kan maak wat die effek van die voorafgaande op die onderrigleerhandelinge (die gebeure in die klaskamer) kan hê.

ONWB621 (7)(16) ONDERWYSBESTUURSTAKE

Leerders moet 'n indiepte-kennis en insig van Onderwysbestuur as wetenskapsveld openbaar en hoe dit die basis vorm vir 'n effektiewe bestuurspraktyk in die skool; die geïdentifiseerde onderwysbestuursbeginsels (hoe geskied bestuur, naamlik deur te beplan, te organiseer, leiding te gee en beheer uit te oefen) moet ook toegepas kan word ten einde 'n effektiewe onderwysbestuurspraktyk te verseker; die onderwysbestuursbeginsels kan gebruik en kan toepas ten einde 'n eie en effektiewe bestuurstyl te ontwikkel en te kan toepas.

ONWB622 (7)(8) FINANSIËLE BESTUUR

Leerders moet in staat wees om die areas in Onderwysbestuur wat met finansies te doen het, toe te pas en uit te brei ten einde die praktykimplikasies te kan ontleed; die teorie oor die begroting en finansiering van skole op 'n praktiese wyse kan toepas; die implikasie van geselekteerde beleidsdokumente en wette vir die finansiering van skole begryp.

ONWB623 (7)(8) MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: ARBEIDSREG

Die leerder sal in staat wees om die rol van die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers, die bepalinge van kontrakte sowel as arbeidsverhoudinge in die onderwys krities te beskryf, analiseer en toe te pas ten einde toepaslike vaardighede te bekom om billik, regmatig en prosedureel teenoor die betrokkenes in die praktyk op te tree.

ONWR621 (7)(8) INLEIDING TOT DIE ONDERWYSREG

Die leerder moet in staat wees om die rolle, die regte, pligte, verpligtinge en toerekeningsvatbaarheid van die onderskeie rolspelers in die onderwys te analiseer, te interpreteer en toe te pas ten einde 'n juridies geordende en effektiewe omgewing vir die onderwys daar te stel.

ONWR622 (7)(8) UITLEG VAN WETTE

Die leerder moet in staat wees om wetgewing as determinante vir 'n juridies geordende en effektiewe onderwysbestel te kan analiseer en te kan interpreteer.

ONWR623 (7)(8) MENSEREGTE IN DIE ONDERWYS

Die leerder moet in staat wees om die Suid-Afrikaanse Grondwet met betrekking tot die toepassing van menseregte in die onderwys te kan analiseer, te kan interpreteer en te kan toepas in die onderwys.

OPSK611 (7)(16) TEORIE EN PRAKTYK VAN HULPVERLENING

Die leerder sal in staat wees om sommige van die mees prominente benaderings en modelle tot berading te ken en gebruik en terselfdertyd bewus wees van die etiek van berading.

OPSK612 (7)(16) LEERDERS MET SPESIALE BEHOEFTE – A

Die leerder sal in staat wees om leerders met spesiale behoeftes in die algemeen in hulle sosiale konteks te verstaan deur gebruik te maak van 'n eko-sistemiese perspektief; leerders met spesiale behoeftes – spesifiek individuele leerprobleme – te identifiseer en aan hulle hulp te verleen.

OPSK613 (7)(8) GESONDHEIDSBEVORDERENDE SKOLE

Die leerder sal in staat wees om die proses te bestuur vir die bevordering, vestiging en instandhouding van Gesondheidsbevorderende Skole met inbegrip van die gebruik van Heelskoolontwikkeling om hierdie doel te bereik.

OPSK621 (7)(16) PSIGOPATOLOGIE

Die leerder sal in staat wees om die algemene vorme van psigopatologie by kinders, adolessente en volwassenes te identifiseer.

OPSK622 (7)(16) ASSESSERING EN PSIGOMETRIKA

Die leerder sal in staat wees om relevante psigometriese instrumente vir kinders, adolessente en volwassenes af te neem, te verwerk en te interpreteer en te hou by die tersaaklike psigometriese beginsels; verslae te skryf waarin psigometriese evaluerings gedokumenteer word en relevante aanbevelings gemaak word.

OPSK623 (7)(16) GROEPS- EN GESINSBERADING

Die leerder sal in staat wees om die konsepte van en verskillende benaderings tot groeps- en gesinsberading te ken en groeps- en gesinsberading te kan uitvoer.

OPSK624 (7)(8) SKOOLVOORLIGTING

Die leerder sal in staat wees om skoolvoorligting te kan bedryf met die fokus op persoonlike, sosiale, akademiese, opvoedkundige en beroepsvoorligting.

OPSK625 (7)(8) LEERDERS MET SPESIALE BEHOEFTE – B

Die leerder sal in staat wees om leerders met spesiale behoeftes – spesifiek individuele gestremdhede soos fisieke, en sensoriese gestremdhede, epilepsie, chroniese siektes, ensovoorts – te identifiseer en aan hulle hulp te verleen.

OPVK411 (7)(24) OPVOEDKUNDE

Die leerder moet oor die kennis, insig, gesindhede en vaardighede beskik wat hom/haar in staat sal stel om 'n eie opvoedingsfilosofie te formuleer en toe te pas; die huidige onderwysstelsel krities te bespreek; onderrigleerprogramme te ontwikkel en só te implementeer dat effektiewe leer plaasvind.

OPVK421 (7)(16) OPVOEDKUNDE

Die leerder moet oor die kennis, insig, gesindhede en vaardighede beskik wat hom/haar in staat sal stel om assessering op bevoegde wyse toe te pas; tydens die onderrigleersituasie rekening te hou met inklusiewe onderwys, multikulturele onderwys en die verskillende godsdienste se beskouings van opvoeding en onderwys; as voog en rolmodel vir leerders op te tree en hulle te begelei om die nodige lewenswaardes en -vaardighede te ontwikkel, en met verantwoordelikheid as klaskamerbestuurder en administreerder op te tree.

OTES672 (7)(24) INLEIDING OP DIE INTERPRETASIE VAN DIE OU TESTAMENT, DIE PENTATEUG EN PROFETIESE LITERATUUR

Afdeling 1: Inleiding tot die interpretasie en boodskap van die Ou Testament

Die leerder moet in staat wees om die beginsels en metodes vir die interpretasie van die Ou Testament te evalueer; 'n gedeelte uit die Ou Testament te kan interpreteer met gebruikmaking van 'n verantwoorde metodiek; die basiese beginsels van die tekskritiek van die Ou Testament te verduidelik; 'n oorsig te kan bied oor die boodskap van die Ou Testament, met aandag aan

die geskiedenis van die bestudering van die Ou Testament, die verhouding tussen die twee testamente, die metodologie van die Teologie van die Ou Testament en die boodskap van 'n aantal boeke uit die Ou Testament, spesifiek uit die boeke wat in die ander twee afdelings aan die orde kom.

Afdeling 2: Die Pentateug

Die leerder moet in staat wees om verhalende stof en wette te interpreteer; die ontstaan, agtergrond en boodskap van die Pentateug as geheel en die afsonderlike boeke te bespreek; die Ou-Testamentiese wêreld binne die wêreld van sy tyd in die tweede millennium voor Christus te beskryf; die basiese besonderhede van die Geografie van die Ou Nabye Ooste te bespreek, en aan te dui wat die belang daarvan is vir die bestudering van die Ou Testament.

Afdeling 3: Profetiese Literatuur

Die leerder moet in staat wees om profetiese literatuur te interpreteer; die ontstaan, agtergrond en boodskap van die profetiese boeke te verduidelik; profesie en profetisme in Israel en die Ou Nabye Ooste te bespreek; die sosiale organisasie in Ou Israel te bespreek en die belang daarvan vir die interpretasie van die Ou Testament te verduidelik; die basiese besonderhede van die Argeologie van die Ou Nabye Ooste te bespreek en aan te dui wat die belang daarvan is vir die bestudering van die Ou Testament.

PAST671 (7)(16) ALGEMENE EN SPESIFIEKE BERADING

Afdeling 1: Algemene berading

Die leerder moet in staat wees om te omskryf wat Bybelse berading is; 'n pastorale gesprek te kan voer; kortliks weer te gee wat 'n beradingsmodel behoort te behels; self 'n beradingsmodel te ontwerp; inleidende Bybelse berading aan medegelowiges te verleen.

Afdeling 2: Spesifieke berading

Die leerder moet in staat wees om die beginsels en metodiek van kerklike huisbesoek weer te gee; prinsipiële en praktiese verantwoordings te kan doen oor pastorale huweliksopbou en begeleiding in 'n situasie van egskeiding; die beginsels en metode van herderlike bediening aan siekes te omlin; herderlike begeleiding aan verslaafdes te omskryf en toe te pas.

PSIG671 (7)(16) PSIGOMETRIE

Die leerder sal in staat wees om die basiese psigometriese eienskappe en tegniese vereistes van toetse, asook die wyse waarop toetse en hul norms ontwikkel word, te beskryf, en om hierdie kennis toe te pas in die ontwikkeling van 'n eenvoudige toets in groepsverband.

PSIG672 (7)(16) PSIGOLOGIESE EVALUERING

Die leerder sal in staat wees om die diagnostiese onderhoud en die afname, nasien en interpretasie van verskillende evaluasiemetodes van psigologiese funksies (bv. intellektuele- en skolasiese vermoëns, aanleg en belangstelling, persoonlikheids- en interpersoonlike funksionering) van kinders, adolessente en/of volwassenes, asook verwysingsmoontlikhede vir voortgesette of gevorderde intervensie na relevante professionele persone, te beskryf; 'n diagnostiese onderhoud te voer, psigologiese funksies, soos intellektuele- en skolasiese vermoëns, aanleg en belangstelling, persoonlikheids- en interpersoonlike funksionering van kinders, adolessente en/of volwassenes te evalueer met behulp van verskillende metodes, die simptome van psigopatologie in kinders, adolessente en volwassenes te identifiseer, 'n relevante verslag te skryf en verwysing vir voortgesette of gevorderde intervensie na toepaslike professionele persone te maak.

PSIG678 (7)(16) PSIGOPATOLOGIE

Die leerder moet in staat wees om die verskillende vorme van psigopatologie by kinders, adolessente en volwassenes aan die hand van DSM-IV kriteria te identifiseer en volledig te omskryf, en om die etiologie, behandelingsmetodes en prognose daarvan te bespreek.

RECP671 (7)(16) FINANSIËLE REKENINGKUNDE

Die leerder moet in staat wees om gevorderde gekonsolideerde finansiële state op te stel; inter-maatskappy transaksies te boekstaaf asook verandering in beheer; hierdie kennis toe te pas op geïntegreerde praktiese situasies van 'n gevorderde aard, die raamwerk vir finansiële rekeningkunde verstaan en kan verduidelik; die konseptuele raamwerk en die relevante standaard van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) verstaan; die kennis van die raamwerk en standaard van AARP op verskeie praktiese situasies van 'n gevorderde aard kan toepas en integreer.

RECP672 (7)(16) GEVORDERDE OUDITKUNDE

Die leerder moet in staat wees om hoë-vlak kennis te demonstreer rakende die verantwoordelikhede, funksies en vereistes van 'n eksterne ouditeur (en tot 'n mate die rol van die interne oudit funksie) en hierdie kennis toe te pas op praktiese situasies; interne kontrolestelsels van kliënte te ondersoek, assesser en evalueer en gepaste aanbevelings te doen waar nodig, gegewe 'n spesifieke rekenkundige en kontrole stelsel in 'n praktiese situasie by 'n kliënt; die stappe en fases van die auditproses te beplan en uit te voer; 'n auditverslag uit te reik aangaande die finansiële state van 'n kliënt in enige gegewe gevorderde praktiese situasie; auditverslae met 'n spesiale doel en verwante verslae in praktiese situasies voor te berei; die Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Standaard (AARS) toe te pas in 'n aantal praktiese situasies; 'n grondige en gevorderde kennis te demonstreer van die wetgewing (ingesluit maatskappy-, geslote korporasie- en relevante sakereg), regulasies, kodes van professionele optrede en ander etiese vereistes, AARS en kontraktuele vereistes wat verband hou met ouditering en die audit-omgewing en hierdie kennis toe te pas in gevorderde praktiese situasies; die beginsels van oudit proewe te verstaan en te verduidelik.

RECP673 (7)(16) GEVORDERDE INKOMSTEBELASTING

Die leerder moet in staat wees om die wette en prosedures wat verband hou met betaalbare belasting in terme van die Inkomstebelastingwet te interpreteer en toe te pas, met besondere verwysing na belangrike uitsprake van howe (sakereg) en die Inkomstebelastingwet; gevorderde berekeninge te maak aangaande normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue maatskappye en trusts.

RECP674 (7)(16) BESTUURSREKENINGKUNDE EN FINANSIËLE BESTUUR

Die leerder moet in staat wees om winsskatting in vervaardigings- en handelsorganisasies te doen deur middel van begroting; gebruik te maak van verskillende begrotings om koste te beheer in organisasies; deur standaard koste, kostebeheer toe te pas in organisasies met meerdere produkte en bepaalde samestellings van materiale, arbeid en oorhoofse kostes; organisasies se prestasies in die industrie te beoordeel; koste-bestuur te doen in 'n veranderende vervaardigingsomgewing; winsskatting en kontrolestelsels in organisasies te implementeer met gebruik van werks- en proses koste; integreer verskillende metodes en tegnieke om 'n organisasie se winsgewendheid te verbeter; verstaan en demonstreer 'n grondige kennis van beleggings- en finansieringsbesluite in die konteks van 'n spesifieke besigheids-entiteit; identifiseer en implementeer gepaste maatreëls van prestasie en risiko; gee advies oor investering en finansieringsbesluite; pas beginsels van finansiering toe in die waardasie van 'n entiteit met gebruik van toepaslike waardasiemetodes.

REKD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK REKENINGKUNDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot evaluasie van die onderrig van rekeningkunde in die RSA; doelstellings met die onderrig van die vak; vakinhoude, werk- en lesskemas, onderrigmetodes, -vaardighede, -media en remediëring; evalueringswyses en praktiese toepassing van verworwe kennis uit hierdie en verwante kursusse.

REKD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK REKENINGKUNDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot praktiese toepassing van verworwe kennis in identifisering en skryf van doelstellings en doelwitte; uitwerk van les- en werkskemas; oefening van vaardighede; ontwerp en daarstelling van onderrigmedia; opstel en nasien van vraestelle.

SGVK671 (7)(16) HUWELIKS- EN GESINSTEORIE

Die leerder behoort 'n diepgaande insig te ontwikkel het van die gesin as 'n natuurlike sosiale sisteem, begrend deur 'n verskeidenheid van toeretiese konsepte wat die dinamiek van die sisteem verreken.

SGVK672 (7)(16) NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die leerder behoort 'n diepgaande insig ten opsigte van wat sosiologiese wetenskaplike metode behels te hê; navorsingsmetodes en tegnieke te kan hanteer en dit sinvol aan te wend tot voordeel van die navorsingsproses in nagraadse studies.

SGVK673 (7)(16) NAVORSINGSPROJEK

Die leerder behoort die insig en vaardigheid te openbaar om 'n navorsingsprojek sinvol te hanteer en suksesvol af te handel tot en met die skryf van 'n wetenskaplike verslag.

SGVK674 (7)(16) NARRATIEWE BERADING

Die leerder behoort 'n diepgaande insig in die onderliggende beginsels van narratiewe berading te hê; toegerus te wees met basiese beradingsvaardighede wat op hierdie beginsels gebaseer is.

SGVK675 (7)(16) HUWELIKS- EN GESINSKONTEKSTUALISERING

Die leerder behoort 'n diepgaande insig van die verskillende kontekste in die sosiale sisteem te hê en die invloed daarvan te verreken in hulle eie stories asook die kennis wat dit geskep het maar ook die mag verreken wat dit op elkeen se lewe uitoefen.

SGVK676 (7)(16) PRAKTYK EN VERSLAE

Die leerder behoort 'n diepgaande insig in die werking van 'n praktyk te hê en ook al die dokumentasie wat daarmee saamhang; toegerus te wees en oor kennis beskik om verslae suksesvol te kan saamstel.

SGVK677 (7)(16) REGS EN PROFESSIONELE KENNIS

Die leerder behoort 'n relevante kennis van die gesinsreg te hê; kennis van hierdie konteks in die bepaalde gemeenskap te identifiseer en sinvol te hanteer tot voordeel van die individue waarmee hy/sy in interaksie sou tree; toegerus te wees om met gesag die wetlike aspekte toe te lig in interaksie met individue en ook groepe.

SGVK678 (7)(16) MENSLIKE SEKSUALITEIT

Die leerder behoort 'n diepgaande insig van die konteks menslike seksualiteit te hê en ook die vermoë besit om hierdie konteks sinvol te verreken in interaksie met persone in verhoudings.

SSOL671 (7)(24) VERGELYKENDE LITERATUUR VAN SA EN AFRIKA

Die leerder behoort in staat te wees om onlangse tendense in Afrika en Suid-Afrikaanse literatuur krities te bespreek; 'n werkbare definisie van die term "postkoloniaal" te konstrueer en te motiveer; oor die algemeen kennis dra van die belangrike postkoloniale skrywers; verskeie seminale postkoloniale outeurs in besonder te beskryf en na hulle te verwys; postkoloniale skryfwerk in verband te bring met die Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks; sekere groot stemme in swart Suid-Afrikaanse en Afrika-literatuur uit te ken; krities om te gaan met die vraagstukke oor subjektiwiteit en identiteitsvorming; op gesofistikeerde wyse twee generiese vergestaltungs van hierdie vraagstukke te ondersoek; geselekteerde gedigte, romans en outobiografieë te interpreteer vanuit ras-, klas- en geslagsrolperspektief; tot gesubstansieerde gevolgtrekkings te kom rakende die belangrikheid van die benadering en die waarde daarvan vir kontemporêre Suid-Afrikaanse en Afrika-samelewing; en kennis te dra van die betrokke kritiese materiaal in die veld.

SSOL672 (7)(24) KONTEMPORÊRE TENDENSE IN SESOTHO LITERATUUR

Die leerder behoort in staat te wees om die ontwikkelingstendense in Sesotho literatuur uit te ken; die bewegings wat literêre ontwikkeling beïnvloed te verstaan en weer te gee; outeurs te identifiseer en klassifiseer volgens die profiel van hulle bydrae tot Sesotho literatuur; literêre ontwikkeling in verband te bring met sosiale ontwikkeling; ingeligte teoretiese argumente te ontwikkel vir die evaluering van literêre tekste; die implikasies van tipiese sosiale tendense soos geslagsrol, kultuur, ruimte en identiteit te herken; die eienskappe van die onderskeie genres te verstaan en toe te pas in literêre waardering; die literêre koppelvlak tussen tradisionele en moderne literatuur te analiseer, interpreteer en te bespreek.

SSOL673 (7)(24) SPESIALIS GENRE-STUDIES

Die leerder mag, in oorleg met die dosent en skooldirekteur, 'n begeleide selfstudie module in 'n spesialis literatuurveld neem. Die uitkomst van hierdie module moet ooreenstem met die algemene uitkomst geformuleer vir honneursmodules.

SSOL677 (7)(24) CAPITA SELECTA

Die leerder mag 'n module neem uit 'n verbandhoudende taal of 'n spesifieke spesialisarea (bv. literêre vertaling) as Capita Selecta module. Die uitkomst van hierdie module moet ooreenstem met die algemene uitkomst geformuleer vir honneursmodules.

SSOL679 (7)(32) SKRIPSIE

Die leerder behoort in staat te wees om aan te dui dat hy/sy hom-/haarself vergewis het van die mees onlangse ontwikkelings rakende sekere aspekte van navorsing; op hoogte wees van die belangrikste wetenskaplike teorieë en metodologieë en in staat wees om hulle te beoordeel en toe te pas 'n substansiële stuk onafhanklike navorsing.

TGNO511 (7)(8) TEGNOLOGIE

Die leerder behoort in staat te wees om oor die nodige kennis, insig en vaardigheid beskik om te demonstreer dat hy/sy tegnologies geletterd is.

TGNO521 (7)(8) TEGNOLOGIE

Die leerder behoort in staat te wees om oor die nodige kennis, insig en vaardigheid beskik om te demonstreer dat hy/sy inligtingstegnologie effektief kan aanwend binne onderwysverband.

TCND411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK TECHNICA

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot algemene oriëntering ten opsigte van die vakdoelstellings, aard en wese van tegnologie in die skoolkurrikulum.

TCND421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK TECHNICA

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot 'n oorsig van sillabusse, entrepreneurskap, didaktiese beginsels.

TTEK411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK TEGNIESE TEKENE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot historiese agtergrond van Tegniese Tekene; die aard en wese van Beskrywende Meetkunde; doelstellings, metodes van onderrig, werkskemas, lesskemas en evaluering van Beskrywende Meetkunde; klasorganisasie ten opsigte van Tegniese Tekene; vakdidaktiese analise van die skoolsillabus vir Beskrywende Meetkunde; onderrigmedia ten opsigte van Beskrywende Meetkunde.

TTEK421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK TEGNIESE TEKENE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot die aard en wese van Masjientekene; doelstellings, metodes van onderrig, werkskemas, lesskemas en evaluering van Masjientekene; vakdidaktiese analise van die skoolsillabus vir Masjientekene; toepaslike onderrigmedia ten opsigte van Masjientekene.

VAKDIDAKTIEK (2X 16 KREDIETE)

Aan die einde van die twee bypassende modules in elke Vakdidaktiek sal die leerder in die betrokke skoolvak/leerarea oor die nodige kennis, insig, gesindheid en vaardighede beskik om die vakkurrikulum van die skoolvak/leerarea te interpreteer en gepaste leerprogramme te ontwerp; die leerprogramme effektief te implementeer en leer te fasiliteer; en gepaste assesseringstegnieke toe te pas.

VGLO612 (7)(16) ONDERWYSSTELSLS

Die leerder behoort in staat te wees om spesifieke eienskappe van onderwysstelsels en sosiale strukture wat belang het by die onderwys te beskryf, vergelyk en verduidelik binne die konteks van interne en eksterne determinante met die doel om die struktuur van nasionale en internasionale onderwysstelsels te verstaan; die individualiteit en universaliteit van onderwysstelsels te analiseer, die behoeftes van die teikengroep aan te spreek en die belangrikheid om 'n harmonieuse skoolomgewing te skep, te begryp en kennis, vaardighede en gesindhede toe te pas rakende die struktuur en organisasie van nasionale en internasionale onderwysstelsels met die doel om die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te evalueer.

VGLO621 (7)(8) VERBESONDERING VAN ONDERWYSSTELSLS

Die leerder behoort in staat te wees om die geskiedenis van Vergelykende Opvoedkunde, die aard en metodes van Vergelykende Opvoedkunde, die aard van lewenslange leer, en die aard van tuisonderrig te verstaan; die metode van Vergelykende Opvoedkunde toe te pas; in staat te wees om lewenslange leer, soos vergestalt in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, te vergelyk met gekose buitelandse onderwysstelsels en in staat te wees om tuisonderwys, soos vergestalt in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te verduidelik en te vergelyk met gekose buitelandse stelsels.

WSKD411 (7)(16) VAKDIDAKTIEK WISKUNDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot die voorbereiding van leerders vir die onderrig van Wiskunde, insluitend: die aard en wese van die vak; onderriggeskiedenis; doel en samestelling van die sekondêre skoolsillabus; leerinhoud op skoolvlak; inoefening tydens vakdidaktiekperiodes, mikro- en praktiese onderwys van werkskemas, voorbereiding van lesse, opstel van toets- en eksamenvraestelle, memoranda en nasien van vraestelle; die onderrig van sakrekenaargebruik.

WSKD421 (7)(16) VAKDIDAKTIEK WISKUNDE

Die leerder behoort oor kennis, insig, gesindhede en vaardighede te beskik met betrekking tot die teoretiese begroning van die Wiskunde-onderwyser se optrede teenoor leerlinge, insluitend sy/haar doelstellings, leer- en studiemetodes; onderrig-leerbeginsels; strategieë, mediagebruik en evalueringsbeginsels; aanwending en benutting van geskikte gestandaardiseerde meetinstrumente om onderrigsukses te optimaliseer.